# ´n KRITIESE ANALISE VAN GEWELD EN PASIFISME EN ´n ONDERSOEK NA DIE VERBAND TUSSEN DEMOKRASIE EN VREDE MET SPESIALE VERWYSING NA DIE SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSSTELSEL

HENRY EVAN ULSTER

´n Mini-tesis voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad M.Ed. in die Departement Filosofie van die Opvoeding, Universiteit van Wes-Kaapland.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Studieleier: Mej. NELLEKE BAK

MAART 1990

https://etd.uwc.ac.za

041675Z

THE
UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND
BIBLIOTEEK
172.1 ULS
LIBRARY
UNIVERSITY OF THE WESTERN CAPE

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

# ABSTRAK

´n Kritiese analise van geweld en pasifisme en ´n ondersoek na die verband tussen demokrasie en vrede met spesiale verwysing na die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel.

HENRY EVAN ULSTER

M.Ed. mini-tesis, Departement Filosofie van die Opvoeding, Universiteit van wes-Kaapland.

Hierdie mini-tesis ondersoek die gebruik van geweld deur die Suid-Afrikaanse regering as regverdiging om ´n "demokratiese" staat instand te hou asook die gebruik van geweld deur magte wat ´n "meer" demokratiese staat daar wil stel. In Hoofstuk 1 word daar geargumenteer dat die gebruik van geweld ´n morele kwessie is en word daar onder meer verwys na die verskillende soorte geweld wat aangetref word. Veral word daar gekyk of alle burgers onder die verpligting is om die staat te gehoorsaam en of hierdie gehoorsaamheid onreflektiewe gehoorsaamheid is. In Hoofstuk 2 word gekyk of dwang ooit geregverdig is deur te kyk na die verband tussen Positiewe en Negatiewe Vryheid en dwang. In Hooofstuk 3 word daar kortliks gekyk na waarom die demokrasie die mees aanvaarbare vorm van regering vir die mens as rasionele wese is. Daarna (Hoofstuk 4) word ondersoek ingestel na eerstens die verband tussen moraliteit en demokrasie en tweedens na die verband tussen demokrasie en geweld deur te verwys na die klassieke en die kontemporêre teorieë van demokrasie. In Hoofstuk 5 word daar veral gekyk na watter ruimte, indien enige, daar vir wettige teenstemming "dissent" in ´n demokrasie bestaan asook hoe daar binne ´n demokrasie teenstemming gebied kan word en watter beperkinge daar op vryheid van spraak en assosiasie as wettige teenkanting is. Daar word dan ook kortliks gekyk na hoe geweld indruis teen demokratiese prosedure en of daar ook ander faktore is wat die demokratiese proses beinvloed. In Hoofstuk 6 kyk ek na hoe die polemici voordeel probeer trek deur die konsep "geweld" op ´n bepaalde manier te hanteer deur daarop te wys dat "geweldloos" nie die teenoorgestelde van "gewelddadig" is nie. Verskeie vorme van geweldlose verset of pasifisme word kortliks ondersoek en word uitgewys dat ook daar ´n vorm van dwang teenwoordig is. Die verband tussen demokrasie en geweldlose verset word dan ondersoek. In Hoofstuk 7 word gekyk na geweld in die Suid-Afrikaanse skolestelsel deur te wys op hoe die studente en die staat onderskeidelik die konsepte geweld en demokrasie hanteer en toepas. Daar word kortliks uitgewys dat vrede nie sinoniem met regverdigheid is nie. Veral word gekyk na die polisie en weermag en morele regverdiging van geweld. In Hoofstuk 8 word gekyk na wat bedoel word met ´n demokratiese onderwysstelsel deur veral te kyk na ´n model van deelnemende demokrasie en hoe studente-praktyke moontlik aanleiding tot geweld kan gee. In Hoofstik 9 word ´n kort samevatting van die argument gegee.

MAART 1990

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

# ABSTRACT

A critical analysis of violence and pacifism and an investigation into the connection between democracy and peace with special reference to the South African system of education. (translated)

HENRY EVAN ULSTER

M.Ed. minithesis, Department of Philosophy of Education, University of the Western Cape.

This minithesis examines the use of violence by the South African government as justification to maintain a "democratic" state, as well as the use of violence by forces whick seek a "more" democratic state. In Chapter 1 it is argued that the use of violence is a moral issue and I refer amongst others to the different kinds of violence to be found. I look especially at the question whether all citizens are under obligation to obey the state and whether this obedience should be seen as unreflective obedience. In Chapter 2 I inquire whether force is ever justified by looking at the relation between Positive and Negative Freedom and force. In Chapter 3 I look briefly at why democracy is the most acceptable form of government to man as a rational being. Thereafter (Chapter 4) I firstly investigate the relation between morality and democracy and secondly, the relation between democracy and violence by referring especially to the classical and contemporary theories of democracy. In Chapter 5 special attention is paid to what space, if any, there exists for legitimate dissent in a democracy as well as how dissent could be expressed within a democracy and which limits there are to freedom of speech as a form of legitimate dissent. I then briefly look at how violence goes against the grain of democratic procedures and whether there are factors other than violence which may influence the democratic process. In Chapter 6 I investigate how the polemicists try to gain an advantage by using the concept violence in a particular way. I try to show that "nonviolent" is not the opposite of "violent". Various forms of "nonviolent" resistance or pacifism are briefly examined and it is pointed out that they too include an element of force. The relation between democracy and nonviolent resistance is then investigated. In Chapter 7 I look at violence in the South African school system by looking at how students and the state respectively perceive and apply the terms "violence" and "democracy". I briefly point out that "peace" is not synonomous with justice. I then look especially at the police and military forces and moral justification for violence. In Chapter 8 I investigate what is meant by a democaratic system of education by looking at a model of participatory democracy and how student practices could possibly give rise to violence. In Chapter 9 I give a brief summary of the argument.

MARCH 1990

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

# VERKLARING

Ek verklaar hiermee dat ´n Kritiese analise van geweld en pasifisme en ´n ondersoek na die verband tussen demokrasie en vrede met spesiale verwysing na die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel my eie werk is, dat dit nie voorheen vir enige graad of eksamen aan enige ander universiteit voorgelê is nie, en dat al die bronne wat ek gebruik of aangehaal het, aangedui is en erken is deur volledige verwysings.

HENRY EVAN ULSTER DATUM: MAART 1990.

GETEKEN: H.E. Ulster .........................

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

# ERKENNINGS

Hiermee wens ek my opregte dank en waardering uit te spreek aan my vrou, Jacqueline, my studieleier Nelleke Bak en aan Wally Morrow vir al hul geduld, opoffering, ondersteuning, aanmoediging en leiding. Dankie ook aan Martin Dyers vir die deurlees van die dokument.

Opgedra aan ons seuns, Jevan en Ryan, en ons ouers.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

# INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

Teoretiese raamwerk van geweld en nie geweld p 1
Is die gebruik van geweld ´n morele kwessie? p 1
Soorte geweld p 3
Geweld en die staat p 5
Is alle burgers onder verpligting om die staat te gehoorsaam? p 5

HOOFSTUK 2

Geweld en vryheid p 16
Vryheid p 17
Is dwang ooit geregverdig? p 18
Negatiewe vryheid en dwang p 19
Positiewe vryheid en dwang p 21
Positiewe vryheid en politieke vryheid p 23

HOOFSTUK 3

Wettigheid en Demokrasie p 25

HOOFSTUK 4

Wat is die verband tussen Moraliteit en Demokrasie? p 29
Die verband tussen Demokrasie en Geweld p 39

HOOFSTUK 5

Waarom behoort demokratiese regerings aangehang te word? p 42
Watter ruimte, indien enige, bestaan daar vir wettige teenstemming ("dissent") in ´n demokrasie? p 45
Hoe mag daar teenkanting gebied word? p 46
Watter beperkinge is daar op vryheid van spraak as wettige teenkanting? p 47
Waarom druis geweld in teen demokratiese prosedure? p 55
Watter, faktore, anders as geweld, kan die demokratiese proses beinvloed? p 56
Die rol van die elite p 57

HOOFSTUK 6

Die stryd van die polemici om die konsep geweld p 60
Wat is die verband tussen pasifisme en geweldloosheid? p 71
Wat is die verbintenis tussen Demokrasie en geweldlose verset? p 73

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

HOOFSTUK 7

Geweld en die Suid-Afrikaanse skolestelsel. p 76
Geweld vanaf studente en leerlinge p 76
Geweld vanaf staatsweë p 78
Die term vrede p 80
Studente en geweld p 81
Studente en demokrasie p 86
Die polisie en morele regverdiging van geweld p 87
Die polisie en die weermag p 92

HOOFSTUK 8

Wat word bedoel met ´n demokratiese onderwysstelsel? p 95
Hoe ontstaan situasies op skool wat tot politieke geweld kan lei? p101

HOOFSTUK 9

Samevatting p103

ENDNOTAS p108

BRONNELYS p115

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

# HOOFSTUK 1

## TEORETIESE RAAMWERK VAN GEWELD EN NIE-GEWELD.

Dwarsoor die wêreld en meer spesifiek in die Suid-Afrikaanse konteks, kom die gebruik van geweld, en meer spesifiek die gebruik van politieke geweld, meer en meer na vore. Beide die aanwending van geweld soos deur die Staat en sy magte geopenbaar en geweld soos gemanifesteer deur magte wat ´n "meer" demokratiese regering daar wil stel, moet bevraagteken word.

Ek gaan in hierdie afdeling eers probeer wys dat die gebruik van geweld baie beslis ´n morele kwessie is en daarna gaan ek probeer aantoon dat geweld ook op ander maniere as bloot fisiese geweld kan verskyn. Veral sal gekyk word na politieke geweld waar genoemde geweld na beide oordrewe staatsgeweld en revolusionêre geweld verwys. Die omstandighede en morele gronde waarvolgens legitimiteit aan staatsgesag verleen word en waarvolgens revolusionêre geweld as onwettig en ongeregverdig beskou word, sal ondersoek word.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

## IS DIE GEBRUIK VAN GEWELD ´N MORELE KWESSIE?

Die vraag kan ontstaan of die kwessie van geweld ´n morele vraagstuk is al dan nie. Daar sal geredeneer word vanuit die standpunt dat die gebruik van geweld baie beslis ´n morele vraagstuk is. Honderich (1) in sy inleiding,

https://etd.uwc.ac.za

onderskei drie groepe mense wat geweld nie as ´n morele kwessie sien nie. Eerstens, volgens aanhangers van die leerstellinge van Marx kom die vraag nie eers te sprake nie aangesien geweld nie ´n kwessie van keuse of besluitneming vir die individu inhou nie. Dit is my kontensie dat geweld wel die vraag na morele regverdiging laat ontstaan. Die hele kwessie van die uitoefening van ´n keuse is hier belangrik. Volgens sekere interpretasies van historiese materialisme is die persoon bloot ´n marionet van die ekonomiese magte.

Volgens die ortodokse historiese materialisme is die gang van die geskiedenis onafwendbaar en het die mense nie ´n keuse nie - dit is die ekonomiese magte wat die verloop van die geskiedenis bepaal. Hierdie siening van Historiese Materialisme laat geen konseptuele ruimte vir menslike tussenbeide treeding ("human agency") nie - ´n siening waarmee ek, net soos Gramsci (2), wil verskil.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Daar is ook ´n tweede groep amoraliste wat die vraag na die moraliteit van geweld laat ontstaan, maar hul maak dit as onbelangrik af. Hul probeer die regverdigheid van geweld of nie-geweld regverdig deur vanuit hul eie (een-ogige) standpunt van moraliteit ´n waarde-oordeel te vel. Persone wat hul vas staar teen klasse- en of rasse-vooroordele sou hieronder ressorteer. In die Suid-Afrikaanse konteks sou daar hier na die ultra-regse partye soos die Konserwatiewe Party en die Herstigte Nasionale Party verwys kon word. Ook lyk die aandeel van die "blanke " N.G.Kerk tot die apartheidsdebat baie

https://etd.uwc.ac.za

suspisieus.

´n Derde groep amoraliste probeer die huidige geweld regverdig deur daarop te probeer wys dat êrens in die toekoms dit duidelik sal blyk dat die geweld wel ´n verandering ten goede teweeg gebring het. Die geweld word dus nou gesien as in belang van die individu of in belang van almal. "Dit is vir jou eie beswil" of "Dis vir almal se beswil". Weer eens is daar min ruimte vir die individu om ´n keuse uit te oefen. Die feit dat geweld wel ´n bydrae tot ´n groter "goed" mag lewer, is egter nie ´n aparte vraag nie, maar wel deel van die vraag na morele regverdiging.

Vervolgens gaan ek ondersoek op watter maniere geweld gemanifesteer word.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

SOORTE GEWELD

Geweld kan hoofsaaklik een van twee soorte wees, naamlik, openlike geweld of bedekte geweld.

Onder openlike geweld sal geweld wat hom sigself as fisiese geweld manifesteer, ressorteer. Dit sou fisiese konfrontasie, sabotasie, studente-onluste en selfs lyfstraf op skool insluit. Deur op die manifestering van fisiese geweld te konsentreer, word die beeld van verwoesting uitgelig terwyl die nadeel hiervan is dat ´n mens geneig is om die meer subtiele manifestasies van

https://etd.uwc.ac.za

geweld, bv. die sielkundige en strukturele geweld, te ignoreer. Hierdie sou voorbeelde van die bedekte vorme van geweld uitbeeld. Voorbeelde van sielkundige geweld is breinspoeling, indoktrinasie en outoritêre houdings in gesinsverhoudinge en die opvoedkundige konteks (3).

Fisiese geweld hoef nie noodwendig teenwoordig te wees in die geval van sielkundige geweld nie, maar die ervaring dat die persoon of instansie ´n onreg aangedoen is, is hier van kardinale belang. Onreg word hier gesien in terme van ´n moraliteit vanuit ´n demokratiese paradigma, met ander woorde dat moraliteit nou saamhang met die goedgekeurde praktyke van en deur die gemeenskap (4). Byvoorbeeld, indien die burgers van die staat voel dat daar ondemokraties teenoor hul opgetree word, soos byvoorbeeld dat hul weens hul velkleur nie in sekere gebiede mag woon nie, beskou hulle dit as ´n onreg en voel hul dat hul integriteit as´t ware geweld aangedoen is. Dieselfde geld in geval van die staat: indien burgers se optrede in stryd met staatsbeleid is, byvoorbeeld indien persone op strande gaan swem wat die staat slegs vir sekere groepe gereserveer het, sou die staat voel dat hy as instelling ´n onreg aangedoen word en dat die outoriteit van die Staat geweld aangedoen word.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die woord "geweld" kan ook op ´n ander wyse metafories gebruik word, nl. in die sin van "strukturele" geweld. "Violence is structural when the extreme force is not exerted wilfully by a person but by a structure, a set of

https://etd.uwc.ac.za

relationships, created and perpetuated by custom or law."(5) ´n Struktuur ontstaan wat die vryheid van onderdane onregverdiglik (6) inperk of wat onregverdiglik diskrimineer teen sekere sektore van die samelewing en hul sodoende verhoed om volle burgerskap te verkry. Strukturele geweld is die ergste vorm van politieke ongeregtigheid wanneer regeerders onderdrukkende en diskriminerende wette afdwing sonder die goedkeuring van diegene wat regeer word. Die Suid-Afrikaanse samelewing word, aldus die gegewe definisie van strukturele geweld, dwarsdeur die wêreld as ´n struktureel gewelddadige samelewing gesien.

Vir die doel van hierdie mini-tesis sal geweld vanuit veral twee oogpunte beskou word, naamlik eerstens,geweld teen die Staat of sy instellings en tweedens, geweld vanaf owerheidswee.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

GEWELD EN DIE STAAT:

Ten einde regverdiging te probeer vind vir òf geweld deur die staat òf geweld teen die staat, moet ons eers ondersoek instel of alle burgers onder verpligting is om die staat te gehoorsaam.

IS ALLE BURGERS ONDER VERPLIGTING OM DIE STAAT TE GEHOORSAAM?

Daar word allerweë aanvaar dat die Staat die reg besit om

https://etd.uwc.ac.za

deur sy onderdane, die lede van die samelewing, gehoorsaam te word. Anders gestel, dit skyn asof die onderdane ´n obligasie het om die wet te gehoorsaam. Hierdie obligasie hang af van die bestaan van wet en orde en dus die bestaan van ´n regering en samelewing. Dit word egter eksplisiet deur Honderich uitgewys dat die staat nie onnadenkende gehoorsaamheid van die lede kan verwag nie (7). Indien dit die geval sou wees, sou daar van lede van die samelewing verwag kon word om op te tree volgens morele beginsels wat deur die staat gehandhaaf word en wat teenstrydig met die individu se morele filosofie is, m.a.w. die individu sou nie ´n reg het om die optrede van die Staat te bevraagteken nie. Dit sou dan weer impliseer dat die individu nie die reg het om teen die staat op te tree indien hy sou voel dat die handeling wat van hom verwag word, onregverdig is nie. Die filosoof Kant wys in sy morele filosofie daarop dat ´n mens onder obligasie is om nie op ´n gegewe manier op te tree indien hy nie self goeie rede insien om dit te doen nie (8). In essensie beteken dit dat geen persoon onder die verpligting is om op te tree net omdat iemand anders sê dat hy dit moet doen nie, met ander woorde, die individu kan nie <u>sondermeer</u> totaal onderdanig en gehoorsaam aan die staat wees nie. Eers nadat die individu deeglik besin het oor die implikasies en "goeie rede" daarvoor insien, kan hy totale onderdanigheid en gehoorsaamheid aan die staat betoon.

Hierdie punt het sekere implikasies wat betref die begrip

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

geweld. Aan die een kant bevraagteken dit die staat se sogenaamde reg of outoriteit om geweld te gebruik en aan die anderkant mag dit impliseer dat teenkanting (met geweld as uiterste vorm) teen die staat onder sekere omstandighede wel geregverdig kan wees as die persoon, nadat daar "goeie redes" voor omskryf is, nie met die staat kan saamstem nie, byvoorbeeld die doen van diensplig waar daar teen "terroriste", wat eintlik mede-burgers is, opgetree moet word.

Daar is op verskeie maniere regverdiging probeer vind vir die feit dat onderdane onder obligasie is om die staat ten alle tye onderdanig te wees of dat regerings wettige outoriteit besit om algehele onderdanigheid van sy burgers te eis.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Dit moet duidelik uitgespel word dat die terme "obligasie" en "outoriteit" onderlê word deur ´n morele dimensie d.i. slegs as ek uit vrye wil die stelsel aanvaar het sal ek moreel verplig wees om daarmee saam te gaan en kan die stelsel die morele outoriteit hê om te verwag dat ek die stelsel sal eerbiedig. Hieruit is dit duidelik dat die begrippe "obligasie" en "outoriteit" ´n keuse impliseer. Die vraag mag ontstaan, en ontstaan wel,: wat word van die burgers verwag in die geval van ´n vrylik (demokraties) verkose diktatorskap of die sogenaamde "vanguard" (9)? Is ek steeds moreel onder verpligting om my te onderwerp aan die geweld (sielkundig en andersinds) van die stelsel wat my morele goedkeuring wegdra?

https://etd.uwc.ac.za

Laat ek vir eers terug keer na die vraag of die Staat die alleenreg op die gebruik van geweld besit:

Hierdie kwessie hang ten nouste saam met die vraag of die Staat die reg het om gehoorsaamheid van alle burgers te eis. Indien laasgenoemde wel die geval is, met ander woorde as die staat ´n geregverdigde outoriteit het, sou dit beteken dat die staat hom die reg voorbehou om diegene wat nie gehoorsaam aan die diktate van die Staat is nie, te onderdruk - selfs deur middel van gewelddadige metodes soos inhegtenisname, onderdrukking van ontevredenheid wat hom sigself manifesteer in die vorm van onwettige massa-optogte, demonstrasies ensomeer.

Die kwessie of die Staat geregtig is op totale onreflektiewe gehoorsaamheid behoort van naderby beskou te word. Indien ´n individu totaal onkrities staan ten opsigte van staatsbeleid, gee hy ´n groot mate van persoonlike outoriteit en vryheid daarmee prys. Sentraal hieraan verbonde is die vraag of daar ruimte gelaat kan word vir "legitimate dissent" of wettige teenstemming. Kan die individu op grond van morele redes weier om die of ´n beleid van die Staat te aanvaar en daaraan mee te doen? Die dilemma kan op die volgende manier uitgespel word:

Veronderstel ´n persoon word gekonfronteer met twee opsies wat wedersyds eksklusief is, met ander wooorde, twee opsies wat in ´n sin direk teenoorgesteldes is. Indien die

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

individu byvoorbeeld opsie X as synde vir hom belangrik en moreel reg beskou en die meerderheid persone in die demokrasie (of die Staat) beskou opsie Y as die korrekte een, word die individu voor ´n morele dilemma geplaas: Hy glo opsie X is die korrekte, maar omdat hy hom in die demokrasie verbind het tot die wil van die meerderheid behoort hy opsie Y te volg. Hy mag moreel verplig voel om opsie Y in terme van die groep se belang te volg alhoewel hy homself meer aangetrokke tot opsie X voel. Die vraag wat ontstaan, is: word daar binne die raamwerk van ´n demokrasie "wettige teenkanting" toegelaat? Indien dit nie toegelaat sou word nie, sou die individu dan daardeur impliseer dat die Staat teen hom kan optree en desnoods op ´n gewelddadige wyse?

´n Sleutelbegrip behoort "onreflektiewe" gehoorsaamheid te wees. Soos Kant in die vorige aanhaling tereg opmerk, is elke persoon moreel verplig om krities te staan teenoor die staat en nie sondermeer alles sonder nadenke te aanvaar nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die dilemma is nou of daar binne die demokrasie vir die sogenaamde wettige teenkanting ("legitimate dissent") voorsiening gemaak behoort te word. Dit is miskien nodig dat ons eers van nader beskou van wat in die praktyk (10) die geval is: Veronderstel ´n groep studente neem ´n demokratiese besluit oor een van die volgende opsies: òf ons gaan almal na ´n diskoteek òf ons gaan almal kerk toe.Indien die eerste opsie sou aanvaar word, sou die lede

https://etd.uwc.ac.za

wat aan die besluitnemingsproses deelgeneem het, verplig wees om saam met die meerderheidsbesluit te gaan. Veronderstel ´n individu wat vir opsie twee gestem het en verloor het, besluit om eerder kerk toe te gaan omdat die bywoon van diskoteke vir hom ´n morele kwessie is: In so ´n geval dink ek is die kanse goed dat die persoon nie te hard deur die groep aangespreek sal word nie en dat daar feitlik geen sprake van gewelddadige optrede teen die persoon sal wees nie.

Laat ons nou ´n tweede situasie van nader beskou: Veronderstel die studente stem oor twee ander opsies: naamlik, òf ons boikot die eksamen waarvoor geeneen van ons weens eksterne faktore goed voorberei is nie en skryf glad nie, òf ons skryf die eksamen onder protes en aanvaar dan dat ons heelwaarskynlik sal druip.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Veronderstel die eerste opsie, naamlik om te boikot, word deur die meerderheid aanvaar. Die kanse dat daar nou opgetree - en selfs gewelddadig - opgetree sal word teen persone wat wel gaan skryf, is nou baie groter.

Die vraag wat nou ontstaan is: Waarom sou die groep of lede in die groep in die een geval van afvalligheid geweld voorstaan, maar nie in ´n ander geval nie?

Ek dink dat daar veral twee stelle faktore hier aan die werk is, naamlik:

(1) Wat word deur die meerderheid van persone as van

https://etd.uwc.ac.za

WERKLIKE BELANG vir hul geag (11)? en

(2) Watter belangrikheid word aan individuele vryheid toegedig (12)?

Die eerste stel faktore skyn vir my asof dit te make het met die begrippe "shared goods" en "common goods" (13). Die tweede stel faktore skyn vir my asof dit te make het met die vraag na watter eienskappe van die mens die essensie van "menswees" uitbeeld.

Opsommenderwys: Tot dusver het ek probeer uitwys dat die kwessie na die gebruik van geweld of nie, ´n morele kwessie is. As sulks ontstaan daar by mense ´n politieke moraliteit wat die blindelingse gehoorsaamheid aan die staat as essensieel nie-menslik of onregverdig beskou. Dit het weer die vraag laat ontstaan of die staat onreflektiewe gehoorsaamheid van sy burgers kan eis en of daar ruimte vir wettige teenkanting is. Tans is ek besig om ondersoek in te stel watter, indien enige, redes daar wel mag bestaan waarom wettige teenkanting wel toegelaat moet word.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Tot dusver het ek probeer wys dat dit skyn asof sekere regerings onreflektiewe gehoorsaamheid van burgers verwag. Ek het ook probeer uitwys dat hierdie obligasie, politieke obligasie, ´n morele kwessie is. Dit skyn asof die burgers van die staat, of van sekere state, onder verpligting is om van sekere handelinge soos byvoorbeeld gewelddadige optrede teen die staat, sonder om daaroor na te dink, af

https://etd.uwc.ac.za

te sien. ´n Persoon kan egter nie iets doen (´n wet gehoorsaam) net omdat iemand anders (´n regering) sê dat hy dit moet doen nie. Dit skyn dus asof dit prakties onmoontlik is om enige regeringsvorm wat onreflektiewe gehoorsaamheid van sy burgers eis, te verwag. Honderich (14) wys daarop dat die eis tot onreflektiewe gehoorsaamheid miskien mag bestaan in ´n ideale demokratiese staat - ideaal in die sin dat alle beleidsake deur al die burgers oorweeg word en dat hul oor alles stem en dus hul heelhartige ondersteuning gee. So ´n staat is egter slegs ´n fantasie aangesien al die burgers nie gedurig oor alle besluite geraadpleeg kan word nie - veral waar daar ´n groot aantal burgers nie deel van die staat uitmaak nie.

Die feit bly egter: persone dig aan state hierdie outoriteit toe wat ons probeer uitwys het dat die staat nie op aanspraak kan maak nie. Die vraag wat nou ontstaan, is tweeledig: eerstens, is dit onreflektiewe gehoorsaamheid wat hul aan die staat toedig? en tweedens, indien nie, op grond waarvan word daar dan outoriteit aan die staat toegedig? Ons moet hier ingedagte hou dat beide ´n monargale staat, ´n diktatorskap en ´n demokrasie outoriteit aan die regering van die dag toedig.

Ek glo dat daar baie min, indien enige, rassionele persone is wat glo dat die staat die reg op onreflektiewe gehoorsaamheid het. Dit is egter wel so dat die staat in sommige gevalle ´n godsdienstige karakter toegedig word en

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

dat die staat in sommige gevalle as´t ware aanbid word. Anders gestel: ek glo nie dat daar persone is wat glo dat ´n "wettige" regering GEEN outoriteit het nie, of dat die staat nie geregtig op gehoorsaamheid van sy burgers is nie.

Die teenoorgestelde is ook waar: omdat ons glo dat die staat nie mag aanneem dat sy burgers onnadenkend moet optree nie, beteken dit nie dat geweld teen die staat nie veroordeel kan word nie.

Indien ´n persoon glo dat daar morele redes bestaan waarom die meeste wette van ´n spesifieke regering nagekom moet word, en indien hy glo dat die regering geregtig is om op die samewerking en ondersteuning van die burgers staat te maak, dan maak dit sin om van die regering se outoriteit te praat. Hierdie het ´n tweeledige implikasie: die legitimiteit van die wet (dit wil sê die outoriteit van die wette) en die reg van die regering om gehoorsaamheid aan hierdie wette te vereis. ( dit is, die outoriteit van die regering). Die ondersteuning sou dus wees ondersteuning vir die regering om gehoorsaamheid aan die wette af te dwing. Indien die regering hierdie reg besit, dan volg dit dat die regering outoriteit besit.

Hierdie punt kan pragtig uitgelig word deur na ´n demokraat in ´n demokrasie te verwys. Dit mag wees dat hierdie persoon nie ´n wet van die regering heelhartig ondersteun nie, maar hy kan, om verskeie redes, van mening

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

wees dat daar wel goeie rede mag wees om enige wet wat wel gemaak word, te ondersteun alhoewel daar ook sekerlik sommige besware daarteen ingebring mag word. Die punt is: deur die beleid te ondersteun, ondersteun ek die stelsel wat ek glo die beste vorm van regering is. Indien daar ´n keuse tussen twee beleidsrigtings bestaan, sal ´n persoon vir beleid X stem as synde ´n beter beleid as beleid Y. Maar, indien beleid Y ingestem word bo beleid X omdat die meeste persone voel dat dit, volgens hul, meer geregverdig is, dan sal die persoon inval met beleid Y. Die aanname word dan gemaak dat daar beter redes bestaan om Y, as ´n wet, te gehoorsaam, as X en X sal dan as onwettig beskou word.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Wat beteken dit vir ons in terme van outoriteit? Daar is dus ´n konseptuele verbintenis tussen demokrasie en moraliteit en ek glo dat daar morele redes bestaan waarom ´n wet wat demokraties tot stand gekom het, gehoorsaam behoort te word. Indien andere ook so voel en die staat het nog steeds die ondersteuning van die mense en verwag steeds hul samewerking, dan het die regering outoriteit.

In terme van geweld staan sake nou so: dit is nou moontlik om argumente op te bou teen die gebruik van geweld wat hoofsaaklik afhanklik is van die feit dat wette wel bestaan en derhalwe eerbiedig behoort te word en dat regerings eerbiedig moet word.

Dit mag nou geargumenteer word dat iemand wat die staat

https://etd.uwc.ac.za

gehoorsaam, somtyds dinge teen sy gewete (sy eie "beter" redes) moet doen. Dit mag miskien morele vraagstukke laat ontstaan. Dit moet egter beklemtoon word dat dit geensins onreflektiewe gehoorsaamheid beteken nie - ´n persoon mag verplig word om die diktate van ´n regering te gehoorsaam, maar dit beteken NIE dat hy onreflektief gehoorsaam is nie. Om te sê dat die staat soms ´n persoon verplig om teen sy beterwete op te tree, beteken nie dat die staat die reg op onreflektiewe gehoorsaamheid het nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

HOOFSTUK 2

## GEWELD EN VRYHEID

Nadat ek in die vorige hoofstuk probeer aantoon het dat burgers wel ´n obligasie teenoor die staat het (al beteken dit nie onreflektiewe gehoorsaamheid nie), moet ons nou kyk na watter faktore moontlik aanleiding tot geweld kan gee. Veral sal ek nou kyk na die kwessie van vryheid en probeer vasstel of dwang ooit geregverdig is.

Laat ons vir ´n wyle eers weer besin oor waarom ´n individu of groepe persone gewelddadig teen die staat sou wou optree of waarom die staat sy diktate moontlik, as ´n uiterste maatreël, deur geweld deur sou laat voer. Ons het reeds gesê dat dit gaan oor outoriteit: Ek gaan moontlik gewelddadig optree as ek nie op vreedsame wyse tevrede gestel kan word oor watter mag andere oor my het nie, as ek voel dat hul nie werklik my belange op die hart dra nie of hul my BELANGE verteenwoordig nie; dat daar ONREGVERDIGLIK teenoor my opgetree word omdat daar teen my gediskrimineer word met ander woorde, dat daar ONGELYKHEID is; of as my VRYHEID oormatig aan bande gelê word.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Vanaf die staat se gesigpunt sou daar moontlik met geweld opgetree word indien daar gevoel word dat die burger onder verpligting is om die wet te gehoorsaam omdat dit regverdiglik as ´n wet geproklameer is (d.w.s. daar word dus onregverdiglik teen die staat opgetree); omdat ´n

https://etd.uwc.ac.za

individu of groep nie die belange van al die burgers op die hart dra nie; of omdat die vryhede wat deur die staat aan die burgers toegestaan word, deur hul oorskry word, of omdat een groep of individue ongelykheid in die hand werk.

Dit is dus nou duidelik dat die ontevredenheid of die geskille ontstaan omdat die individue nie in ´n vakuum bestaan nie, maar omdat hul deel van ´n samelewing vorm waar daar reëls neergelê word ten einde ordelike samelewing en dus regering te verseker. Daar word op verskeie maniere gepoog om regeringsvorme (en veral demokrasie as regeringsvorm) te skets in terme van belange, vryheid en gelykheid.

VRYHEID

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

´n Vraag wat nou ontstaan is of die persoonlike moraliteitsiening van die individu hoër as dié van die samelewing geag moet word. Hierdie het weer te doen met wat bedoel word met die begrip vryheid. Daar bestaan uiteenlopende menings oor wat die begrip vryheid behels. Dit is ´n begrip wat ´n prominente plek beklee in die ideologieë wat vandag nog ´n stryd voer om hulself as die dominante ideologieë te bewys vanweë die feit dat ´n ideologie die mag besit om òf te onderdruk òf te bevry - afhangende van hoe jy jou posisie interpreteer met die proviso dat ´n ideologie altyd sekere persone onderdruk. In essensie moet ons nou besin oor die begrip vryheid soos

https://etd.uwc.ac.za

deur Isaiah Berlin in sy "Four Essays on Liberty" uitgespel (1). Indien ´n persoon gedwing word, beteken dit dat hy van sy vryheid beroof word.

Ek gaan nou die vraag probeer beantwoord of dwang ooit geregverdig is deur te verwys na Berlin se twee soorte vryhede, naamlik Negatiewe Vryheid en Positiewe Vryheid.

IS DWANG OOIT GEREGVERDIG?

Die vraag ontstaan nou: Is daar iets soos absolute vryheid? Beide voorstanders van die "negatiewe vryheid" (pp 121 - 122) wat vryheid sien as die area waarin jy vry is om te wees of te doen sonder inmenging van andere en voorstanders van "positiewe vryheid" (p 122) wat vryheid sien as die antwoord op die vraag: Wat, of wie, is die bron van beheer of inmenging (interference) wat kan bepaal dat iemand eerder dit of dat kan doen of wees?, erken dat daar nie so iets soos absolute vryheid is nie. Vir persone om met mekaar te assosieer, kan daar nie vrye teuels gegee word aan persone om te maak en doen wat hul wil nie - dit sou inbraak maak op andere se vryheid en moontlik lei tot chaos. Dus word vryheid ingeperk in belang van ander waardes en inderdaad in belang van vryheid self. Die vryheid van sommige persone moet soms ingeperk word om die vryheid van andere te verseker. Voorstanders van albei soorte vryhede erken dus dat dwang noodsaaklik is. Die vraag is net: Hoeveel dwang is nodig?

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Sekere minimum areas van persoonlike vryheid moet tog gewaarborg word. Daar is egter geen beginsel waarvolgens hierdie minimum inmenging in ´n persoon se vryheid gedòen kan word as vryheid as heiligs en ´n onaantasbare waarde beskou word nie. ´n Praktiese kompromie is nodig. ´n Skeidslyn tussen die area van private leefswyse en dié van openbare gesag moet getrek word. Benjamin Constant verklaar dat ten minste die volgende gewaarborg moet word teen moedswillige skending van ´n persoon se privaatheid, naamlik vryheid van geloof, opinie, spraak en eiendom (2). Daar is egter ander persone soos Jefferson, Burke, Paine en Mill wat ander kategorieë van individuele vryheid voorgestel het. Wat dit ook al was, die argument was steeds vir die behoud van ´n minimum area van persoonlike vryheid indien die essensie van menswees nie aangetas wil word nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Onder negatiewe vryheid is die sentrale vraag wat gestel moet word: "Wat is die area waarin die onderwerp (wat ´n persoon of ´n groep persone mag wees) gelaat moet word om te wees of te word wat hy instaat is om te doen of te wees, sonder inmenging van andere?" Positiewe vryheid soek antwoorde op die vraag: "Wat, of wie, is die bron van beheer of inmenging wat kan bepaal dat iemand dit moet doen of wees eerder as dat?"

NEGATIEWE VRYHEID EN DWANG

Eerstens, negatiewe vryheid: Dit word beskou dat ´n

https://etd.uwc.ac.za

persoon vry is in soverre dat daar geen inmenging deur andere in my aktiwiteite is nie. Politieke vryheid sou dus die area wees waarin ek ongehinderd kan optree sonder inmenging van ander. As ek dus verhoed word om ´n opsie uit te oefen wat ek glo die korrekte is, dan is ek in daardie sin onvry. As hierdie area waarin ek so kan optree buite ´n sekere minimum deur andere vereng word, dan kan ek sê dat ek geforseer word. Die blote feit dat ek nie die vermoë het om ´n sekere handeling uit te voer nie, sou nie noodwendig impliseer dat ek gedwing word nie. Dwang ("coercion") impliseer die doelbewuste inmenging van ander mense in ´n area waarin ek andersinds kon optree. ´n Persoon is sonder politieke vryheid slegs as jy deur ander mense verhoed word om ´n doel te bereik (3), bv. in die Suid-Afrikaanse konteks is ´n persoon onvry as hy verhoed word om in sekere woongebiede te bly of sekere geriewe te gebruik deur ´n reëling van persone wat vir sommige mense die gebruik moontlik maak maar vir my onmoontlik. In hierdie geval is die oorsaak van my onvryheid blootgelê deur ´n besondere teorie oor die sosiale en ekonomiese sisteem nl. dié van rassisme en kapitalisme. In hierdie geval sou die minimum area waarin ek my potensialiteite as mens sou kon verwesenlik, te nou of eng wees. Dit skyn dus asof daar ´n grens getrek moet word tussen die area van openbare gesag en private lewe. Waar hierdie streep getrek moet word, is egter steeds ´n knelpunt.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

POSITIEWE VRYHEID EN DWANG

Positiewe vryheid probeer die vraag te beantwoord na wat, of wie, die bron van beheer of inmenging is wat kan bepaal dat iemand eerder dit as dat moet wees of kan doen.

Hierdie siening van vryheid erken dat dit moontlik en soms geregverdig is om dwang te gebruik om persone ´n sekere doel te laat nastreef, wat hul, indien hulle meer verlig was, uit hul eie sou nastreef, maar dit nie nou doen nie, omdat hul blind of onkundig of korrup is. Dit maak dit dus maklik om die standpunt in te neem dat andere gedwing ("coerced") moet word om hul eie onthalwe en in hul eie belang. Daar word dus daarop aanspraak gemaak dat een persoon beter as andere weet wat in hulle belang is. Sulke persone word dus as´t ware gedwing om vry te wees. Die kritiek hierteen kon wees dat die gevaar van manipulering hierdeur vergroot sou word en dat die persoon se menswees hiermee aangetas word.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Volgens Mill: Indien mense nie vry is om te doen wat hul wil doen nie, sal daar geen ruimte vir spontaneïteit en oorspronklikheid wees nie. Persone sal dus gedurig neig om te konformeer. Ook sê hy dat dit slegs negatiewe vryheid is wat karaktertrekke soos kritiese denke, oorspronklikheid, vindingrykheid en onafhanklikheid kan laat gedy. Hierdie aanname van Mill is egter ´n verkeerde aanname. Mill aanvaar dat daar ´n logiese verband tussen ongedwongenheid ("non-coercion") en karaktertrekke soos

https://etd.uwc.ac.za

hierbo bestaan. Hierdie eienskappe, soos uitgewys deur James Stephen (4), kan egter ook ontluik in gemeenskappe waar daar streng dissipline en beheer toegepas word, met ander woorde, Mill se argument dat negatiewe vryheid ´n noodsaaklike voorvereiste vir die ontwikkeling van kritiese denke is, val dus plat. Bogenoemde beswaar wys dat Mill empiries verkeerd was - kenmerke soos integriteit en die liefde vir die waarheid sowel as vurige individualisme kan ook in in gemeenskappe ontdy waar daar hewige dissipline is. Maar daar is ook ´n ander moontlikheid: Mill faal daarin om in te sien dat dinge soos individualiteit en kritiese denke, oorspronklikheid ensomeer produkte van sosiale invloede is. (Dit is ´n teoretiese of ´n konseptuele fout.) En Stephen mag ook faal om dit raak te sien. Die "feite" soos deur Stephen genoem, is versoenbaar met so ´n interpretasie. Met ander woorde, die geskil tussen Stephen en Mill op hierdie vraagstuk voorsien ons van ´n valse digotomie wat eenvoudig die konseptuele verband tussen individualiteit, kritiese denke, oorspronklikheid ensomeer en sosiale invloede verbloem.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Tot dusver het ek vasgestel dat daar nie so iets soos absolute vryheid bestaan nie, dat , maak nie saak watter soort vryheid aangehang word nie, daar steeds ´n mate van dwang moet wees, dat eienskappe soos individualiteit en kritiese denke nie eie aan ´n spesifieke vorm van vryheid is nie, maar dat dit ´n produk van die sosiale invloede is. Vervolgens wil ek daarop wys dat daar ´n besondere

https://etd.uwc.ac.za

verbintenis tussen positiewe vryheid en politieke vryheid is.

POSITIEWE VRYHEID EN POLITIEKE VRYHEID

Negatiewe vryheid soos deur Mill uitgewys is nie onversoenbaar met sekere soorte outokrasie of die afwesigheid van selfregering nie. Vryheid in hierdie sin (individuele vryheid) hou nie noodwendig logies verband met demokratiese regering nie.

Die punt wat ek hier wil maak, is dat in ´n despotiese samelewing kan die inwoners wel ´n groot mate van individuele vryheid besit, maar dit is nie noodwendig dat hierdie vryheid die area van selfregering insluit nie. Dit is juis die begeerte om myself te regeer of ten minste te deel in die proses waardeur my lewe beheer word, wat vir elke persoon van die grootste waarde is. Met ander woorde, as opvoeding aan my die vryheid gee om my eie belange na te streef met slegs die minimum inmenging om ordelike assosiasie te verseker, sal dit my nie noodwendig vry maak nie, want wat vir elke persoon uiteindelik van belang is, is om soos Lively (5) dit voorstel, POLITIEKE GELYKHEID en dus vryheid te hê: vryheid om deel te neem oor besluite wat my lewe en toekoms raak. Dit mag dus wees dat hierdie area om my keuse uit te oefen, ontoeganklik mag wees.

Voorstanders van positiewe vryheid maak geen geheim daarvan dat hul glo dat baie persone nie weet wat in hul

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

eie belang is nie en dat hul eintlik onder ´n valse bewustheid leef nie. Sulke persone moet dus as´t ware gedwing word om polities vry te word. Hier dink ek veral aan die vanguard staat soos deur Macpherson (6) uitgewys. Macpherson (7) onderskei drie vorme van Positiewe vryheid naamlik, PL 1 = bewuste selfrigtinggewend; PL 2 = dwang deur die volle rasionele; en PL 3 = deelname (participation) in soewereine mag. Pl 2 hang ten nouste saam met die argument wat ek later wil opbou oor die feit dat demokrasie en rasionaliteit nou verbind is (8).

Dit is ook opvallend dat die voorstanders van positiewe vryheid wat meestal aan die linkerkant van die politieke spektrum is, dikwels daarvan beskuldig word dat hul meen dat totale vryheid slegs deur gewelddadige revolusie kan kom. Gramsci wys veral na die "War of position" (9) waar hy onder meer beweer dat in die finale instansie sal die posisie van die militêre magte die uitkoms van die stryd om hegemonie bepaal.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

In opsomming: Daar bestaan nie so iets soos absolute vryheid nie. ´n Mate van dwang moet steeds teenwoordig wees - ongeag die tipe vryheid wat aangehang word. Daar is ´n dun skeidslyn tussen die area van openbare gesag en private lewe en die presiese afbakening van die twee areas is ´n knelpunt. Voorts het ek daarop gewys dat daar ´n besondere verbintenis tussen positiewe vryheid en politieke vryheid bestaan.

https://etd.uwc.ac.za

# HOOFSTUK 3

## WETTIGHEID EN DEMOKRASIE

Dit is nodig dat ons op hierdie stadium kyk na die kwessie van demokrasie en die wettigheid al dan nie van demokratiese regeringsvorme. Ek sal veral kyk na die kwessie of ´n demokrasie uniek in die opsig is dat slegs ´n demokrasie wettig is en of dit slegs ´n demokrasie is wat meer as enige ander regeringsvorm in staat is om bruikbaarheid te maksimiseer.

Die argument is dat dit slegs deur direkte verteenwoordiging in alle besluitnemingsprosesse moontlik is om die outonomiteit van die individu te verseker en dus daarmee saam: die wettigheid van ´n regering. Mill in sy "Representative Government" merk tereg op dat die hele bevolking nie al sy tyd aan besprekings ten opsigte van wetgewing en administrasie kan wy nie en dat spesialisering ´n noodwendigheid is. Waar daar sprake van ´n redelike klein groepie van persone wat betrokke by besluitneming is, word die kwessie van wettigheid nie so problematies nie aangesien direkte verteenwoordiging van almal moontlik is. Professor Wolff glo egter dat geen regering wettig is nie en hy is van mening dat slegs "unanimous direct democracy" versoenbaar is met individuele morele outonomie (1).

Verteenwoordigende regering as ´n poging om dieselfde

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

houvas op regeerders soos in die tyd van Athene en Rome te hê, word goed gepraat ("geregverdig") in die sin dat die kiesers ´n houvas op die regeerders het en KAN dikteer wat die administreerders mag doen (2).

Mill sê dat gegewe die feit dat verteenwoordigers gekies moet word, (vanweë die groot getalle persone betrokke) is die taak van die gewone man en vrou nie om te probeer om hul self te regeer nie, maar om daardie persone te verkies wat beter kan regeer as hul moontlik kan. Hierdie is duidelik ´n elitist siening waarmee die gewone man en vrou na ´n verkiesing van verteenwoordigers duidelik hul outonomiteit prysgee. Mill voer hierdie uitlating selfs ´n stap verder deur daarop aan te dring dat die kiesers na ´n verkiesing selfbeheersing aan die dag moet lê en nie moet inmeng met die besonderhede van die administrasie nie. Op hierdie model word wettigheid aan die regering verleen, maar nie noodwendig wettigheid aan die wette wat gemaak word nie, aangesien die gewone persone nie elke keer oor hul siening omtrent ´n gegewe wet gevra word nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Dit skep die probleem dat daar legitimiteit aan die wettemakers gegee is en by implikasie ook aan die wette wat hul mag formuleer. Hiermee het Rousseau groot probleme. Trouens, hy ontken dat die mense verteenwoordigers kan hê:

> " The deputies of the people, therefore, are not and cannot be its representatives: they are merely its

https://etd.uwc.ac.za

> stewards and can carry through no definitive acts. Every law which the people has not ratified in person is null and void - is, in fact, not a law. The people of England regards itself as free; but it is grossly mistaken; it is free only during the election of members of parliament. As soon as they are elected, slavery overtakes it and it is nothing."(3)

Hierdie siening word afgelei vanaf die veronderstelling:

> "Sovereignty ... can not be represented; it lies essentially in the general will and will not permit of representation: it is either the same or other; there is no intermediate possibility." (4)

Hierdie stelling sou impliseer dat slegs persone wat hul goedkeuring aan die maak van sekere wette verleen het, moreel deur daardie wette gebind kan word. Niemand kan namens my toestemming verleen oor die maak van wette nie - MY toestemming kan slegs deur MY verleen word.

Daar is veral twee soorte teorieë van demokrasie wat van nader beskou moet word, naamlik die soort gebaseer op regte en die soort gebaseer op die bruikbaarheidsbeginsel.

´n Teorie van demokrasie gebaseer op regte het veral te make met die vraag na wettigheid en outoriteit. Hierdie soort teorie maak daarop aanspraak dat die demokrasie die enigste wettige regeringsvorm is eerder as dat dit die

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

bruikbaarste regeringsvorm is. Wette of prosedures word (moreel) verpligtend indien hul deur ´n persoon of ´n prosedure gemaak word waartoe ons self toestemming verleen het. Die kwessie van vryheid kom hier te sprake: Elke persoon het die reg om vryheid van keuse uit te oefen op voorwaarde dat hy nie die vryheid van andere daardeur aan bande lê nie. Indien dit wel die geval sou wees, word daar by implikasie bedoel dat ons die reg besit om aan andere te dikteer oor hoe hul moet optree.

Op die vraag na wat demokratiese regerings regverdig, kan gesê word dat dit slegs regerings is wat aan die totale bevolking verantwoording skuldig is deur een of ander instrument soos periodieke verkiesings wat vertrou kan word om in die algemene belang en nie slegs in die belang van die lede van die regering alleen te regeer nie (5). Die enigste aanvaarbare vorm van regering is een waar die gemeenskap die reg het om van sy regeerders ontslae te raak en in hierdie opsig is die demokrasie die enigste regeringsvorm wat kwalifiseer.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

# HOOFSTUK 4

## WAT IS DIE VERBAND TUSSEN MORALITEIT EN DEMOKRASIE?

Tot dusver het ek geargumenteer dat die gebruik van geweld ´n kwessie van moraliteit is - maak nie saak watter soort vryheid aagehang word nie. Voorts het ek aangetoon dat demokrasie die enigste aanvaarbare regeringsvorm is vir die mens wat ´n rasionele wese is. Vervolgens wil ek ondersoek instel na wat die verband tussen moraliteit en demokrasie is asook wat die verband tussen demokrasie en geweld is.

Ten einde die vraag na die verband tussen moraliteit en demokrasie te beantwoord, moet ons kortliks kyk na die verband tussen ´n individu en die begrip moraliteit.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die individu kan nie op sy eie ´n bestaan voer waar hy slegs sy persoonlike belange nastreef en hom beroep op sy natuurlike reg tot volkome vryheid nie. Omdat hy dan saam met andere saamleef en dus deel van ´n samelewing is, moet daar sekere reëls geld om ordelike samelewing te verseker. Ek glo nie dat ´n individu wat in afsondering woon´n moraliteit kan openbaar nie - moraliteit is juis daar om optredes tussen mense te vergemaklik. Net soos ´n Christen hom nie kan afsonder, ´n kluisenaarsbestaan voer en dan kan aanspraak maak op Christenskap nie - omdat hy slegs naasteliefde (wat ´n beginsel van Christendom is ) kan uitoefen as daar ´n naaste d.w.s. ´n ander persoon of

https://etd.uwc.ac.za

persone is - Net so kan die individu wat op sy eie woon apart van andere, nie aanspraak maak op moraliteit nie - dit sou nie nodig wees as hy nie met andere in aanraking sou kom nie.

Indien ordelike samelewing dus gereël moet word, sou dit impliseer dat gelyke oorweging aan alle burgers geskenk moet word. Wat is dit omtrent menslike wesens wat toestemming uitlok dat alle mense regverdiglik / gelyk behandel moet word? Dit is wel so dat alle mense nie in gelyke mate met kenmerke soos wysheid, rykdom, sterkte, skoonheid, gesondheid ens. geseënd is nie.

Die vraag onstaan nou: Is daar enige moontlike beduidende mate waarin mense wel gelyk is, of wat die verlangde basis mag verskaf?

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Alle mense het in gemeen die feit dat, aangesien hul kan aanspraak maak op menslikheid, hul geregtig is op ´n sekere waardigheid en dat hul geregtig is op ´n sekere respek deur andere. "Generally speaking, it is properties closely connected with the existence of human beings as moral beings which theorists single out as the appropriate grounds for respect." (1). Ten spyte van die feit dat verskeie teoretici verskillende aspekte beklemtoon en nuanseer is hierdie siening van mense as morele wesens die gemeenskaplike eienskap. Pennock (2) sê dat dit slegs mense is wat sekere eienskappe besit wat hul instaat stel om morele wesens te wees, slegs hulle kan "develop rules

https://etd.uwc.ac.za

of conduct, and regulate their own behaviour to conform to them " en hy sien hierdie as die basis vir menslike waardigheid en as ten minste ´n vermoedelike aanspraak op gelyke behandeling. Vir Rawls is die basis van gelykheid die genoemde morele persoonlikheid wat gesien word as die vermoë om ´n rasionele lewensplan en ´n siening van geregtigheid te hê (3). Vir Lukes (4) word die gronde vir respek vir mense voorsien deur die vermoë om outonome keuses en handeling uit te voer, vir betrokkenheid in gewaardeerde aktiwiteite wat ´n private ruimte vereis en selfontwikkeling en " the principle that they should be respected as persons implies that they should be equally so respected" (5).

Die vraag kan egter nou onstaan waarom genoemde feite aangaande die morele aard van die mens gesien moet word as gepas om as basis te dien vir eise omtrent gelykheid. Dit is tog so dat mense oor verskillende grade van morele kwaliteite beskik, byvoorbeeld, persoon A mag groter integriteit aan die dag lê as persoon B en op grond hiervan kan ek aan hulle minder of meer respek toeken. Mense is uniek en verskil en kan dus nie gelyk wees nie.

Dit is juis hierdie punt wat teoretici oor demokrasie, in ag genome hul klem op gelykheid, laat verskil oor deelname aan ´n demokratiese stelsel. Vir Schumpeter byvoorbeeld, het die demokrasie slegs ´n proseduurlike funksie in dié sin dat alle burgers die reg het om hul verteenwoordigers te kies. Daarna moet die groter morele kwessies deur

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

deskundiges behartig word.

Die vraag wat egter onstaan by verteenwoordigende regering is:

1] word daar gestem vir die persoon wat beter as ek self regeer of

2] word daar gestem vir die stelsel ongeag die persoon, solank as wat hy / sy binne die stelsel werk. [vir Schumpeter is dit duidelik dat daar slegs vir die leiers gestem word.]

Volgens Schumpeter word daar gelyke respek aan individue gegee in die sin dat hul gelyke aandele het in die verkiesing en verteenwoordigers van die politieke instellings waaronder hulle val (6).

Ander teoretici voel weer dat burgers respek ontsê word in die sin dat hulle nie geleentheid gebied word om deel te neem aan besluite wat ´n groot invloed op hul het nie (7).

Hierdie gelykheid is inderwaarheid ´n kwalitatiewe aanspraak aangesien daar nie enige empiriese kenmerke gevind kan word waarvolgens alle mense gelyk is nie. Dit volg egter nie dat daar geen basis gevind kan word waarop hul nie as gelykes behandel kan word nie. Alhoewel mense hierdie eienskappe in verskillende mates oor beskik, is daar tog sekere basiese eienskappe waaroor byna almal tot ´n SEKERE mate oor beskik.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Maar nou veronderstel ons kan ´n saak uitmaak vir gelyke respek, wil dit nie sê dat gelykheid vir respek en oorweging noodwendig gelykheid in uitkoms verseker nie. Dworkin argumenteer dat sodra daar toegegee word dat ´n beginsel van gelyke oorweging (concern) en respek bestaan, moet daar oorgegaan word om te staaf watter besondere politieke reëlings daardie beginsel benodig. Dit mag by voorbeeld ´n stelsel wees van gelyke geleentheid om gedifferensieerde status gebaseer op meriete te bekom, ´n stelsel van absolute gelykheid in inkomste en status of wat ook al die geval mag wees (8).

Marxistiese denkers het ´n konsep van geweld ontwikkel wat die samelewing sien as een wat gewelddadig optree teenoor daardie lede van die samelewing wat deur die samelewing uitgebuit word of wat daardie lede seermaak deur onregverdige behandeling, of deur hulle te dwing om in laakbare omstandighede te woon en om take te verrig wat hul vervreem van andere en waarvoor hul karige vergoeding ontvang. Die Marxiste het ´n beeld van menslike leefwyse soos dit mag wees en hul sien ´n maatskaplike orde wat persone verhoed om hierdie lewe (wat die Marxiste in die vooruitsig stel) te lei, as gewelddadige optrede teenoor hul (9).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Sommige filosowe het gevoel dat die belangrikste kenmerk van geweld is dat dit insluit die omverwerping van ´n persoon se waardigheid of van sy regte en het voorstellings van geweld aanvaar wat ´n sentrale plek aan

https://etd.uwc.ac.za

hierdie eienskappe gee (10).

Dit skyn asof die gronde vir gelyke respek verwys na beide die passiewe en die aktiewe aspekte van menslike wesens.

> " To talk of how people should be TREATED and of the need to give consideration is to treat them as recipients; to advert to their MORAL reasoning and action is to treat them, obviously, as agents." (11)

Dit is nou so dat passiewe gelykheid van oorweging, selfs in die sterk vorm van gelykheid as uiteinde, nie noodwendig in ooreenstemming met demokrasie is nie. Dit is wel so dat ´n verligte despoot omstandighede so kan orden sodat politieke instellings mense tevrede sal stem.

Demokratiese teorie, egter, het ek vroeër probeer aantoon, het te make met ´n besondere verspreiding van mag, nl. een waar die mense REGEER, nie net waar hulle ´n sekere soort behandeling ontvang nie. Hierdie sluit nou die aktiewe aspek van menslike bestaan in en dit is hierdie basiese idee in die konsep van demokrasie wat suggereer dat ´n ongewenste soort gelykheid geskied, gesien vanuit demokratiese oogpunt, indien mense uitgesluit word van die proses om die instellings te omvorm wat weer hulle lewens omvorm.

R.S. Peters (12) haal Locke aan as volg: geen mens " can be subjected to the political power of another, without his own consent." ´n Verdere aanhaling van ene Kolonel

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Rainborough lui as volg:

> "Every man that is to live under a government ought first by his own consent to put himself under that government, and ... the poorest man in England is not at all bound in a strict sense to that government that he hath not had a voice to put himself under." (13)

Sulke eise gaan van die veronderstelling uit dat regering ten beste ´n noodsaaklike gerieflikheid is en dat aanvaarding van regering voorwaardelik is. Outoriteit / gesag word noodsaaklik as die wette van ´n land afdwingbaar word, maar dit moet op so ´n wyse gekonstitueer wees dat dit nie die individu oormatig onderdruk nie. Gesag is onderworpe aan morele oorweging en behoort sekere waarborge vir die onderdane in te hou.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Hierdie rassionele en voorwaardelike aanvaarding van gesag impliseer ´n meer fundamentele punt wat tot die rede verbind is en wat ontken dat daar enige uiteindelike outoriteit oor politieke aangeleenthede is. Alhoewel politieke besluite ingewikkelde sake insluit waaroor deskundiges geraadpleeg moet word, sluit dit altyd morele besluitneming in. Peters argumenteer deurgaans dat die maak van morele besluite binne die bestek van elke rassionele mens val - dit is nie die alleenreg van ´n bevoorregte groep mense nie. Hierdie is ´n weg beweeg van die positivistiese siening waar daar "neutraal" gekyk word na sake. Dit was / is veral die sosiale wetenskaplikes wat

https://etd.uwc.ac.za

die woord "neutraal" gebruik as hul verwys na "wetenskaplike teoriee" wat ´n studie maak van die "feite" op ´n "objektiewe" manier. Volgens Taylor (14) kan die skeiding tussen teorie en praktyk, tussen feite en waardes en tussen teorie en feite nie geduld word nie. Die punt is dus: dit is nie nodig dat daar deskundiges moet wees wat alleen oor sekere sake kan beslis nie: hul het steeds ´n rol, naamlik meedeling van die deskundige kennis maar die besluite kan ook deur andere geneem word waar morele besluite van deurslaggewende belang is aangesien , soos reeds uitgewys, politieke besluite altyd morele besluitneming insluit.

Die feit dat daar besprekings plaasvind en dat regerings hul standpunte in die openbaar moet verdedig wys nie net daarop dat individue alles sonder meer sal aanvaar en deel van ´n politieke speelbal word nie, maar dit dui veral daarop dat daar sekere politieke aspekte van kardinale belang is wat eerder oordeelsake is as wat dit ´n berekening is van wat die beste uitweg sal wees. Om hierdie soort probleme op te los, is dit nodig dat besprekings plaasvind.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Besprekings kan egter slegs plaasvind indien daar konsensus is oor hoe die besprekings kan plaasvind. Hierdie konsensus word volgens Taylor (p.298) voorsien deur die basiese beginsels van moraliteit wat behels regverdigheid, vryheid, die oorweging van belange en die respek vir persone. Hierdie beginsels is eerder

https://etd.uwc.ac.za

proseduurlik as dat dit van "substantiewe" karakter is. Sodoende word ´n raamwerk van beginsels verskaf waarbinne oplossings gesoek kan word vir morele sowel as politieke probleme (15).

Slegs wanneer hierdie beginsels as proseduurlik gesien word, kan daar konkrete interpretasie gegee word aan "wil van die mense" en word dit moontlik om te onderskei tussen demokrasie en ander regeringsvorme. Die "wil van die mense" sal dan nie verwys na wat sekere mense dink nie, maar deur ´n besluit wat deur ooreengestemde prosedures bereik is. Die ontwikkeling van die demokrasie in veral Amerika, kan dus in historiese konteks gesien word as ontwikkelende langs hierdie weg van prosedures.

Dit skyn dus nou asof daar ´n ooreenkoms is tussen demokrasie as ´n prosedure om tot besluitneming te kom en die aktiewe aspek van menslike bestaan soos vroeër uitgewys deur Graham.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die vraag wat nou ontstaan, is of hierdie beginsels van moraliteit spesifieke politieke prosedures soos byvoorbeeld die verkiesing van afgevaardigdes / verteenwoordigers of miskien ´n referendum impliseer.

Hoe regeer regerings? Regerings anders as dié van ´n tiran, kan slegs regeer deur die groter belange van hul onderdane te akkommodeer. Dit is so dat as iemand nie self na sy belange omsien nie, sal daardie belange heel

https://etd.uwc.ac.za

moontlik oor die hoof gesien word. Of daar nou gebruik gemaak word van òf ´n referendum oor alle sake òf van verteenwoordigers, die feit bly staan: albei hierdie metodes is maniere om ´n politieke prosedure daar te stel.

Sonder ´n konkrete institusionaliseerde meganisme om samesprekings te implementeer, kan die fundamentele morele beginsel van die onpartydige oorweging van belange en respek vir persone slegs in die private sfeer en nie in die openbare sfeer toegepas word nie.

Indien persone dus hul standpunte wil huldig, behoort daar sekere waarborge te wees. Die eerste hiervan is vryheid van uitdrukking ("expression") en assosiasie. Indien die persoon nie kan sê wat hy wil sê en assosieer met wie hy wil nie, dan sal daar nie veel kanse wees dat sy belange na omgesien sal word nie. Dit is dus nodig dat daar verdraagsaamheid aan die dag gelê sal word as daar polities opgetree word - dit beteken nie dat daar belangeloos opgetree word nie, maar eerder ´n intense besorgdheid oor opinies. Hierdie waarborge moet deur wetgewing onderskryf word. Daar moet ten laaste ook ´n prosedure vir openbare aanspreeklikheid wees d.w.s daar moet institusionaliseerde meganismes wees vir dialoog en die demokratiese prosedures.

Dit is vervolgens nodig dat ons kyk na wat die verband tussen die demokratiese prosedures soos hierbo uitgewys en

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

geweld is.

DIE VERBAND TUSSEN DEMOKRASIE EN GEWELD

Dit is juis die laaste punt van aanspreeklikheid wat sekere implikasies vir ons het wat betref geweld. Aangesien daar allerweë aanvaar word dat die begrip demokrasie ook aanspreeklikheid impliseer, sien verskeie voorstanders van demokrasie die voordeel van so ´n stelsel juis daarin dat dit geweld voorkom: byvoorbeeld R.S.Peters (16) : "The great virtue of democracy as a form of government is that governments can be changed without revolution." ´n Ander deur deur I.S.Benn en R.S.Peters (17) : "In a democracy, there are accepted procedures for changing governors. In a plebiscitary dictatorship, it must be by conspiracy and force." Daarby behou ´n demokratiese leier wat deur die stelsel vervang word, ´n mate van status binne die stelsel terwyl ´n diktator wat omvergewerp word, ´n openbare vyand word. Dit is dan ook so dat ´n Eerste Minister of Uitvoerende President in ´n demokratiese stelsel vrees dat hy sy amp mag verloor, terwyl ´n diktator vrees vir sy lewe en derhalwe tree hy baie meer gewelddadig teenoor opposisie op. Hierdie verskillende vrese lei tot verskillende response tot die publiek: die een probeer soveel as moontlik tevrede stel; die ander onderdruk soveel as moontlik wanneer hy deur die opposisie gekonfronteer word (18).

´n Verdere belangrike implikasie vir geweld hang af van

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

hoe die onderskeie teoretici demokratiese deelname sien. Vir die klassieke teoretici (byvoorbeeld Rousseau, J.S.Mill, Bentham en J.Mill) is maksimum deelname deur die burgers in die regering en regeringsbesluite belangrik. Indien alle persone nie gerespekteer word om hieraan deel te neem nie, en daar is langs demokratiese weë geen oplossing hiervoor in sig nie, dan mag dit tot geweld (politieke geweld) oorgaan. (Vergelyk die African National Congress en die Pan Africanist Congress se stryd in Suid-Afrika. Alle persone anders as dié wat "blank" geklassifiseer is, word uitgesluit uit die verkiesingsproses en die ANC se leierskap het tot voor die organisasie se verbanning alle denkbare vreedsame kanale gevolg om verandering teweeg te bring.)

Vir die kontemporêre teoretikus is maksimum deelname aan besluite egter ´n gevaar. Dié siening moet gesien word as die resultaat van ´n reaksie op totalitarisme en die hele kwessie van die ontwikkeling van die sosiale wetenskap/ teorie. Vir dié teoretici kan verdere of groter politieke deelname van die huidige nie-deelnemers die stabiliteit van ´n demokratiese regeringstelsel bedreig of versteur. Maksimum deelname is dus ongewensd. Indien daar deelname deur die volk is, so lui die teorie, dan moet dit tot die uiterste minimum beperk word. Daar moet egter gelet word dat ander kontemporêre teoretici soos Berelson, Dahl, Sartori en Eckstein ook argumenteer dat minimum deelname van die burgers nodig is vir ´n stabiele demokratiese stelsel. Die teoretici is duidelik agterdogtig teenoor die

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

politieke deelname van die burgers uit die laer sosio-ekonomiese groepe. Vir Dahl (19) is die verkiesing as ´n prosedure essensieel in die demokratiese proses want so word meganismes geskep waardeur die leiers beheer kan word deur die gewone burgers. Maar die laer sosio-ekonomiese groepe kan vanweë hul passiwiteit nie op dieselfde politieke gelykheid aanspraak maak nie en is hul deelname ´n bedreiging vir die stabiliteit van die demokratiese stelsel.

Die verskil tussen "klassieke" en kontemporêre teorieë van demokrasie is dus daarin geleë dat eersgenoemde baie ruimte laat vir wettige teenkanting ("dissent"), terwyl dit by laasgenoemde nie die geval is nie. Waar daar geen ruimte vir wettige teenkanting is nie, verhoog die moontlikheid van die voorkoms van geweld.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

HOOFSTUK 5

## WAAROM BEHOORT DEMOKRATIESE REGERINGS AANGEHANG TE WORD?

Tot dusver het ek probeer aantoon dat die een groot voordeel van die demokrasie geleë is in die feit dat daar op ´n nie-gewelddadige manier van leiers ontslae geraak kan word deur middel van die verkiesingsmeganisme wat eie aan ´n demokrasie is. Ten tweede het ek probeer aantoon dat die klassieke teoretici maksimum deelname deur al die burgers voorstaan en dus ´n groter mate van wettige meningsverskil ("dissent") toelaat en dus die moontlikheid van geweld verminder, as byvoorbeeld die kontemporêre teoretici wat die maksimum deelname as ´n gevaar beskou en waar die gebruik van geweld ´n groter moontlikheid is. Watter ruimte daar wel vir wettige meningsverskil bestaan, sal later in hierdie hoofstuk uitgespel word.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Ek het reeds vroeër aangetoon dat dit weens praktiese oorwegings onmoontlik vir alle burgers is om oor alle sake waaroor ´n besluit geneem moet word, ´n eie inset te lewer. Gevolglik is verteenwoordigers nodig om te regeer.

Die vraag wat ek nou gaan beantwoord, is hoe verteenwoordigers behoort op te tree ten opsigte van die wil of wense van die persone vir wie hul verteenwoordig.

Verteenwoordigers, byvoorbeeld parlementslede, word aangestel om in die openbare belang op te tree - hulle is

https://etd.uwc.ac.za

nie noodwendig afgevaardigdes wat ´n gedeelte van die samelewing se belange of "die wil van die mense" verteenwoordig nie. Burke (1) sê dat die verteenwoordiger sy eie oordeel verskuldig is aan diegene wat hom verkies het. Dit is noodsaaklik dat die verteenwoordiger eerder sy eie oordeel volg eerder as wat hy dit aan sy kiesers se opinie sal offer. Indien regeringsbesluite ´n kwessie van persone se wil sou wees, behoort die kieser se wil, sonder twyfel, voorrang te geniet. Maar, regerings en wetgewing, sê Burke, is sake wat beredenering en oordeel behels, en nie geneentheid nie. Dit sou impliseer dat daar oor sake eers geredeneer moet word voordat ´n finale besluit geneem word. Indien die kiesers ´n mening sou uitspreek, sou dit nie noodwendig ´n ten volle beredeneerde keuse wees nie, inteendeel, dit wat elke kieser se voorkeur is, word elkeen aan die verteenwoordiger as ´n finale keuse voorgelê wat betref die individu. Indien dit die geval sou wees, sal daar ´n besluit geneem wees nog voordat daaroor deur die verteenwoordigers (regeerders) geredeneer is. Die persone wat dan hul "wil" uitgespreek het, sou dan nie daar wees om die argumente aan te hoor wat die ander persone se keuses reflekteer nie.

Die groot waarde van die demokrasie lê juis daarin geleë dat daar rasioneel besluite geneem word wat in belang van die breë samelewing uitgeoefen word. Alle gesigspunte word toegelaat deur die vryheid van spraak en assosiasie, die raadpleeg van alle belange groepe en ´n verdere veiligheidsmaatreël is dié van openbare aanspreeklikheid -

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

die verteenwoordigers moet verantwoording doen aan die kiesers oor watter besluite uitgevoer word. Die kwessie van teenkanting van sekere besluite is dus deel van die proses om deur middel van die toelating van alle menings ´n "rasionele" besluit te neem. (Aldus die kwessie van teenkanting voordat dit in die wet vasgevang word.)

Die vraag duik nou weer op: die besluite wat geneem moet word, berus dikwels op morele beginsels. Nou, is morele beginsels dan ´n individuele kwessie? Ek wil hier met W.H.Walsh saamstem:

> Those who make moral principles a matter of (individual) choice assimilate the moral life to life of artistic expression; they take it as if it were primarily of private concern.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

> But the truth is rather that morality is first and foremost a social institution, performing a social role, and secondarily, if at all, a field for individual self-expression. Morality is necessary to a community in the sort of way that law is: both are devices for checking personal greed for the common interest. And just as law in its fundamentals must be the same for all citizens, with nothing optional about it, so too must morality (2).

´n Vraag wat nog beantwoord moet word, handel oor teenkanting van ´n "rasionele" besluit wat al reeds geneem

https://etd.uwc.ac.za

is en in die wet vasgevang is. Dit sal beantwoord word deur ondersoek in te stel na watter ruimte daar vir wettige teenstemming in ´n demokrasie bestaan.

WATTER RUIMTE, INDIEN ENIGE, BESTAAN DAAR VIR WETTIGE TEENSTEMMING ("DISSENT") IN ´N DEMOKRASIE?

In ´n geordende samelewing, het ek probeer uitwys, is dit nodig dat daar sekere reëls moet wees om vreedsame en ordelike bestaan te verseker. Indien persone hul dus vrywilliglik tot ordelike samelewing verbind, behoort hul dus die wette van die samelewing te gehoorsaam. Daar mag egter wette uitgevaardig wees, soos in Suid-Afrika, wat die menswaardigheid van sekere persone aantas, byvoorbeeld die Wet op Aparte Groepsgebiede, die wet op strandapartheid, die wet op die voorsiening van afsonderlike hospitaalgeriewe vir "wit" en "swart" persone. Terwyl ´n wet nog deel van ´n grondwet uitmaak, behoort dit eerbiedig te word, maar daar mag redes wees, en daar bestaan wel, waarom persone ´n behoefte het om nie hierdie wette te gehoorsaam nie, alhoewel hul ´n geordende samelewing nastreef.

Die vraag wat nou ontstaan, is: is daar ´n beginsel waardeur ´n persoon met eer en integriteit in sulke omstandighede kan optree? Is wetteloosheid nodig, of selfs nog erger, is geweld nodig of essensieel om die probleem op te los of is daar ander alternatiewe?

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

In ´n wettige demokrasie, soos byvoorbeeld die V.S.A. waar al die burgers universele stemreg het, en waar vryheid van spraak en assosiasie bestaan, is dit nie ´n kwessie van òf ´n persoon wettige teenkanting KAN bied of ´n wet of regering kan teenstaan nie - dit is ´n REG wat ´n persoon besit. Hy MAG teenkanting bied en hy MAG kritiseer. Dit is wat vryheid van spraak impliseer. Die vraag is egter:

HOE MAG DAAR TEENKANTING GEBIED WORD?

Dit is reeds uitgewys dat burgers moreel en wettiglik verplig word om gehoorsaam aan die staat te wees indien die staat demokraties verkose is. In ´n demokrasie behoort daar dus eers vasgestel te word watter protesmetodes wel wettig is, dit wil sê watter mate van teenkanting sal nie uitloop op strafmaatreëls nie. Abe Fortas (3) wys daarop dat in die V.S.A dit volkome wettig is om die regering te kritiseer en selfs die omverwerping van die regering voor te staan. Vryheid van spraak en van die pers is in die konstitusie van die V.S.A. vervat en is ´n reg van die burgers sowel as " the right of the people peaceably to assemble and to petition the government for a redress of grievances" soos in die Eerste Amendement vervat. As hierdie vryheid van verset dus teenwoordig is, moet dit vreedsaam geskied en is geweld nie geregverdig nie. Indien die ruimte vir teenkanting nie teenwoordig is nie, dan is geweld (miskien) geregverdig. Daar mag ondermeer wettige teenkanting gebied word deur te praat, te skryf, deur dade soos plakkaatbetogings, asook deur massa-optogte en

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

vergaderings. Fortas sê voorts dat dit uiteindelik die stembus is wat die basiese manier is om protes aan te teken deurdat daar saam met andere georganiseer kan word om ander amptenare te verkies en om ander wette uit te vaardig en toe te pas.

Ek het met bogenoemde dus probeer uitwys op watter maniere teenstemming aangeteken kan word. Voorts wil ek kyk na die vraag: Watter beperkinge, indien enige, is daar op die vryheid van spraak as wettige teenkanting?

WATTER BEPERKINGE IS DAAR OP VRYHEID VAN SPRAAK AS WETTIGE TEENKANTING?

Daar is beperkinge op vryheid van spraak in dié sin dat die Staat mag voorskryf waar en wanneer die publiek toegespreek of ´n massa byeengeroep kan word. Daar mag selfs ´n permit vereis word vir die hou van ´n massa-vergadering - hierdie mag word egter aan die Staat toegeken slegs om ordelike samelewing te verseker ten einde die openbare ongerief wat groot massas persone veroorsaak, te verminder.

Fortas (4) wys voorts daarop dat dit, in Amerika altans, ook nie waar is dat enige persoon mag sê wat hy wil sê nie. Dit is onwettig vir ´n persoon om "Brand!" te skree in ´n volgepakte teater en dus paniek te veroorsaak - dit maak nie saak watter edele motiewe die persoon daarvoor gehad het nie. Moontlike motiewe kan wees dat die persoon

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

ontsteld is oor die tekort aan voldoende maatreëls wat verband hou met vure in openbare plekke. Alle ander pogings om verandering teweeg te bring, kon moontlik reeds misluk het.

Die persoon wat beswaard is oor die onvoldoende brand regulasies mag byvoorbeeld in die openbaar op aangewese plekke praat oor die probleem; hy mag pamflette druk en versprei; hy mag massavergaderings en plakkaatbetogings organiseer. Hy mag die stadsvaders as domkoppe of as potensiële moordenaars van onskuldige persone uitkryt. Hy mag selfs, sê Fortas, hom beroep op die geregshowe om die regering te dwing om op te tree soos hy dink dit behoort op te tree. Uiteindelik mag hy en andere selfs die regering uitstem.

> "But - and here is the point - he may not use means of advancing his program which, under the circumstances, will cause physical injury to others or unreasonably interfere with them." (5)

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Aangesien spraak (insluitende simboliese spraak soos plakkaatdemonstrasies) nooit in ´n vakuum bestaan nie, maar in ´n besondere plek en in besondere omstandighede plaasvind, moet ook hier beperkinge wees, byvoorbeeld: Selfs al veroorsaak WAT gesê word nie ´n duidelike gevaar of fisiese besering aan andere nie, mag die plek WAAR die toespraak gehou word, die grootte van die massa, en die omstandighede die daad onwettig maak. Byvoorbeeld, indien die deelnemers onwettiglik die vloei van verkeer belemmer en onnodiglik eiendomme oortree.

https://etd.uwc.ac.za

Teenkanting word dikwels getoon deur byvoorbeeld landsvlae te verbrand - dit word dan gesien as ´n simboliese protesaksie. Dit mag wel ´n dramatiese wyse wees om protes aan te teken, maar, sê Fortas, as die protes die oortreding van ´n geldige wet is, sal die feit dat die wet vir "´n goeie doel" - soos byvoorbeeld protes teen apartheid - oortree is, nie gewoonweg die oortreder verskoon nie. Die oortreding van die wet word slegs verskoon indien die wet wat verbreek word ( soos byvoorbeeld ´n wet wat aparte strandgeriewe voorstaan) - slegs as daardie wet self onkonstitusioneel of ongeldig is.

Die mate van teenkanting toegelaat soos hierbo uiteengesit, word omskryf en verseker deur die Handves vir Regte vir die Individu ("Bill of Rights"). Sou regte beskerm word vir ´n handves wat groepregte beskerm, kan die kwessie van gelykheid en geregtigheid weer ter sprake kom en gesien in die Suid-Afrikaanse konteks, (waar "groepe" dieselfde beteken as "rasse") beteken dit nog steeds apartheid en dus beskerming van aparte rassegroepe.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die Amerikaanse grondwet veroorsaak ietwat van ´n probleem as daar oor die geldigheid al dan nie van protesaksie beslis moet word: Die probleem is dat die Grondwet twee teenstrydige waardes probeer akkommodeer: aan die een kant is daar die behoefte om vrylik te praat, om effektief te

https://etd.uwc.ac.za

protesteer, te organiseer en te demonstreer; en aan die anderhand die behoefte om orde te handhaaf sodat ander persone se regte, en die vrede en sekuriteit van die Staat nie in gedrang kom nie (6).

Tot dusver het ek probeer uitwys wat die geval is in ´n volledige demokrasie waar daar universele stemreg is, en die regte van vryheid van spraak, van die pers en van assosiasie deur ´n handves beskerm word.

Die vraag nou is: Word daar in ´n totaal ondemokratiese land, soos Suid-Afrika, verwag dat die ontevredenes - diegene wat nie stemreg het nie en teen wie gediskrimineer word op grond van kleur - binne dieselfde raamwerk kan en of moet optree?

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Daar word van alle kante gehoor dat daar verandering MOET kom - maar sodra daar studente-rebellies te voorskyn kom, word daar weer ´n beroep op wet en orde gedoen.

Om mee te begin: In Suid-Afrika is daar nie vryheid van spraak nie soos gesien in die verbanning van verskeie politieke afvalliges asook die verbanning van organisasies wat op die verbreding van die demokrasie ingestel is. Daar is definitief nie vryheid van assosiasie nie - hiertoe getuig die afsonderlike groepsgebiede, die afsonderlike kieserslyste, apartheidsgeriewe en dies meer.

Die burgers van Suid-Afrika, anders as in Amerika, kan nie

https://etd.uwc.ac.za

´n beroep doen op die howe om die wette nietig te verklaar nie aangesien daar geen handves is om individuele regte te beskerm nie.

Miskien moet ons meer kyk na die gebruik van alternatiewe vir geweld in die sogenaamde volledige demokrasie soos byvoorbeeld in die VSA.

Die vraag wat nou ontstaan, is: is die vryheid om protes aan te teken, om die regering teen te staan, te kritiseer en om vreedsaam bymekaar te kom genoeg om die politieke stelsel te bevredig? Dit is nou so dat daar in Amerika, net soos in Suid-Afrika, deur die regeringsondersteuners gewys word na die feit dat daar nou al hoe meer "swart" televisie-aanbieders, "swart" magistrate, en "swart" professionele persone as voorheen is. Dit is egter nie ´n toets of ´n politieke stelsel voldoende is of nie. "The test is whether these gains are enough for those who have been victims."

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Hierdie "veranderinge" waar daar meer "swart" persone op die voorgrond tree, is egter slegs oppervlakkige veranderinge in die sosiale praktyke en is beslis nie deel van ´n nuwe demokratiese bedeling nie aangesien dit slegs sekere individue is wat hierdeur bevoorreg word terwyl die groot massas mense nog steeds verontreg word deur basiese regte om te bly waar jy verkies - nie volgens groepsgebiede nie. Veranderinge in die politieke grondwet ontbreek egter steeds.

https://etd.uwc.ac.za

Fortas laat hom as volg uit oor die Amerikaanse demokratiese stelsel:

> "How wonderful it is that freedom´s instruments - the rights to speak, to publish, to protest, to assemble peaceably, and to participate in the electoral process - have so demonstrated their power and vitality. These are our alternatives to violence; and so long as they are used forcefully but prudently, we shall continue as a vital, free society." (8)

Fortas wil voorgee dat daar voldoende ruimte vir wettige teenkanting is en dus voldoende kanale is om besware teen die probleme, byvoorbeeld dié van rassisme, te opper. Die punt is egter dat daar wel voldoende kanale mag wees om die probleme te opper, maar nie genoeg is om dit op te los nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Dit is nou so dat daar minderhede mag wees en dat hul wel toegang tot die stembus het. Dit is egter ´n feit dat wat die verkiesingskandidate voor ´n verkiesing beloof om te beveg en dit wat die regering uiteindelik uitvoer, dikwels baie ver verwyderd is. Ten einde openbare sake te beoordeel, moet die publiek oor inligting beskik en hierdie inligting is dikwels in die hande van die mees gegoede gedeeltes van die samelewing - dit is hulle wat die mag oor die koerante en die televisie besit wat weer

https://etd.uwc.ac.za

menings beinvloed. Die gewone burgers besit wel die vryheid om te praat, maar hoe groot die gehoor is, sal afhang van hoeveel geld beskikbaar is. Dit is vry algemeen bekend dat rykdom dikwels die verkiesingsproses oorheers. Diegene wat die meeste geld het, kan die meeste adverteer en dus meer persone bereik. Sodra daar dan gestem is, neem die verteenwoordiger oor en verloor die burger (aldus Rousseau) sy vryheid. Met ander woorde, sodra die verteenwoordiger verkies is, het die gewone burger nie meer ´n invloed oor die kandidaat en sy opsies nie behalwe by ´n volgende verkiesing. Die verteenwoordiger hoef dan as´t ware nie meer ag te slaan op die wense en begeertes van die burgers vir wie hy veronderstel is om te verteenwoordig nie. Die burger moet hom maar dan verlaat op die integriteit van die verteenwoordiger om die sake te opper of protes aan te teken oor wat die burgers aanvanklik van hom verwag het. Die burger kan dus d.m.v. die verteenwoordiger protesteer, maar daar is geen waarborg dat hy dit wel sal doen of met dieselfde ywer sal doen as wat die burger, indien hy self die geleentheid gegun sou word, dit sou doen nie.

Dit skyn asof Fortas beweer dat die enigste alternatief vir burgerlike ongehoorsaamheid wat binne die perke val wat hy voorskryf, slegs chaos, anargie en geweld is.

Howard Zinn (9) doen ´n beroep op die Amerikaanse demokratiese regering om selfs meer burgerlike ongehoorsaamheid toe te laat ten einde meer ruimte vir

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

alternatiewe strategieë om vreedsame verandering teweeg te bring, te skep.

> "It is precisely because the ballot box and other standbys of high school civics are insufficient that the citizen in a democracy needs the weapon of civil disobedience, and without the restrictions Mr. Fortas would place on it." (10)

Opsommenderwys dus: Indien ´n burger moreel verbind is tot die demokrasie behoort hy getrou te bly aan die stelsel en sisteem van besluitneming al sou hy die regeerder van die dag teenstaan. Dit is juis die kenmerkende eienskappe van die demokrasie wat die ruimte skep vir wettige teenstemming, met ander woorde, daar word verwag dat jy, indien jy nie saamstem nie, sal kan uitpraat, organiseer en saam met andere staan om jou standpunt te laat geld, maar tot tyd en wyl dit gebeur, behoort die besluite wat geldig is, aangehang te word. Dit het egter die gevolg dat verandering glad nie of baie stadig plaasvind, veral indien jy deel van ´n minderheidsgroep is.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die argument tot dusver lui as volg: Apartheidswette is ondemokraties - die grootste gedeelte van die samelewing naamlik die "swartes" is nie deel van die besluitnemingsproses nie. Ten tweede laat apartheidswette baie min voorsiening vir ruimte om protes aan te teken - die ruimte wat wel bestaan is te min en daar is te min kanale om die probleem op te los. Dit is dus moreel

https://etd.uwc.ac.za

verdedigbaar om apartheidswetgewing teen te staan of te verbreek.

´n Moreel onverdedigbare verskynsel soos apartheid is egter nie slegs ´n wet nie ( m.a.w. as die wet verwyder word sal apartheid nie net verdwyn nie - Apartheid is reeds male sonder tal "dood" verklaar -), maar dit is ook ´n sosiale verskynsel wat deel van daardie samelewing se oorgeerfde diskoers en praktyke is. ´n Mens kan aanvaar dat in ´n post-apartheid Suid-Afrika daar steeds baie diskriminasie in een of ander vorm sal wees - in sulke gevalle behoort ´n handves vir individuele regte wat deur die howe instand gehou word, na die burger se regte om te sien.

WAAROM DRUIS GEWELD IN TEEN DIE DEMOKRATIESE PROSEDURE?

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Ek sal eerstens kyk waarom demokrasie en geweld onversoenbaar is en ten tweede sal ek probeer vasstel of daar faktore anders as geweld is, wat ook die demokratiese proses se werking verydel.

Indien ons sou ondersoek instel na watter vereistes daar vir ´n demokratiese verkiesingsproses gestel word, sal ons vind dat die gebruik van geweld die proses as´t ware "ongeldig" maak. As eerste vereiste word normaalweg gestel dat daar vrye en ongedwonge verkiesings moet wees - beide kiesers en kandidate moet ongedwonge hul onderskeie rolle kan vervul. Indien geweld gebruik sou word om kandidate en

https://etd.uwc.ac.za

kiesers te intimideer, is dit duidelik dat die verkiesings nie ongedwonge en dus nie demokraties is nie.

Tweedens, in ´n demokratiese bestel behoort elke kieser ´n gelyke aandeel in die politieke besluitneming te vervul - Indien persone dus met geweld gekonfronteer word soos met fisiese konfrontasies of die werklike of beweerde gebruik van bomme, kan daar lae persentasies by die stembusse verwag word en sal die demokratiese stelsel dus nie optimaal funksioneer nie.

In die derde instansie is geweld in direkte konflik met demokrasie in die sin dat alle besluite binne ´n demokrasie bindend op almal moet wees - of jy nou saam stem met ´n besluit wat geneem is of nie, jy behoort die besluit te eerbiedig tot tyd en wyl andere net soos jy oor die saak voel en die besluit dienooreenkomstig verander word. Intussen het die gegriefde persoon wel die reg tot wettige teenstemming, maar geweld sal baie beslis nie as ´n voorbeeld van wettige teenstemming beoordeel kan word nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

WATTER FAKTORE, ANDERS AS GEWELD, KAN DIE DEMOKRATIESE PROSES BEINVLOED?

Die vraag wat nou ontstaan, is of geweld die enigste faktor is wat die demokrasie skynbaar in die wiele ry? Indien die invloed van geweld oorweeg word, behoort ook hierdie ander faktore van nader beskou te word. Sekere

https://etd.uwc.ac.za

gebruike van ekonomiese mag verseker dat demokratiese stelsels slegs gedeeltelik die kriteria van ´n demokratiese stelsel bevredig. Deur middel van geld kan kiesers EN kandidate as´t ware gedwing word. Hierdie sou ´n voorbeeld van bedekte geweld wees.

Die rol van invloedryke persone - die elite - moet hier van nader beskou word.

DIE ROL VAN DIE ELITE

In die hedendaagse politiek gaan dit nòg oor die individu nòg oor die samelewing, maar veel eerder oor die verhouding tussen die elite en die massas.

> "It concerns the few who are individually efficacious, whether their power is public or private, and the many who permit (or do not permit) the elite to act but who themselves are efficacious only as members of a group." (11)

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Hierdie elite kan dan gesien word as deskundiges. Hulle definieer die maatskaplike probleme, stel oplossings voor en beheer die bronne om die verlangde veranderinge teweeg te bring. So kan daar dan valse bewustheid ("false consciousness") by die massas ontstaan. Deur byvoorbeeld te wys dat daar omgesien word na hul eie behuisingsareas en hul eie openbare geriewe, mag die massas onder die indruk verkeer dat daar rederlikerwys opgetree word en

https://etd.uwc.ac.za

stem die breë massa met hierdie soort optrede saam.

Daar is verskeie redes waarom die elite so goed kan funksioneer, naamlik: hul is die persone wat beheer uitoefen oor die samelewing se rykdom en oor die onderwys en opleiding en hulle beklee gewoonlik hoë magsposisies met die gevolg dat baie van hul besluite aanvaar en uitgevoer word. Daar word gesê dat leiers en elites van die mees teenoorgestelde groepe kom en hul het sekere belangstellings en waardes in gemeen wat verskil van die van die massas byvoorbeeld, hul streef die instandhouding van die status quo na sodat elkeen sy posisie van leierskap kan behou.

Die individuele menings van lede van die massa dra nie soveel gewig as wat die geval is wanneer hul as ´n kollektief hul menings lug nie. As individue het hul nie genoegsame bronne van rykdom nie en hul het nie genoegsaam beheer oor magsbasisse om op die langtermyn te organiseer nie. Leierskap is dus nodig. Onder normale omstandighede is die massa se bydrae tot beleidsbesluitneming beperk tot aanvaarding of verwerping - hulself as massa inisieer nooit nie. Dikwels bestaan hul deelname uit die feit dat hul vir een uit vele kandidate kan stem, dat hul kan protesteer of selfs in onluste betrokke raak.

Die individu wat versetaksies nastreef en wat een van die elite is, kan deur middel van sy mag en status toegang tot bronne verkry. Hulle het gewoonlik toegang tot amptenare

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

wat die veranderinge teweeg kan bring of tot die media en dus tot die massas wat die veranderinge moet goedkeur. Ongelukkig is die elite, ofskoon hul die nodige mag, geld en opvoeding het, nie altyd gewillig om individuele geweldlose verset toe te pas nie.

´n Ander groep persone wat op ´n besondere manier probeer om voordeel te probeer trek deur die manier waarop die massas beinvloed word, is die polemici. Dit is na hierdie groep persone waarna ek nou gaan kyk.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

# HOOFSTUK 6

## DIE STRYD VAN DIE POLEMICI OM DIE KONSEP GEWELD.

Tot dusver het ek geargumenteer dat daar binne ´n demokrasie ruimte gelaat moet word vir wettige teenkanting. Wettige teenkanting impliseer dat daar binne die wet opgetree moet word en, omdat dit ´n demokrasie is wat vreedsame verandering impliseer (soos geargumenteer), behoort die teenkanting vreedsaam of geweldloos te wees. Deur te verwys na "geweldloosheid", kan die verwagting geskep word dat daarmee die teenoorgestelde van "geweld" bedoel word. By implikasie sou dit dan blyk dat dit slegs nodig is om een van die terme te ontleed en dat die ander dus as die blote teenoorgestelde gesien kan word. Maar ek wil aantoon dat die woorde "geweldloos" en "gewelddadig" nie direkte teenoorgesteldes is nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Ek gaan derhalwe poog om ´n oorsig te gee van hoe die vertolking van die begrip geweld, en meer spesifiek strukturele en geïnstitusionaliseerde geweld sowel as simboliese geweld ´n perspektief gee aan die gebruik al dan nie van die term. Redes sal dan aangevoer word waarom polemici ´n voor- of afkeur vir die gebruik van terme soos "geweld" het. Daarna sal ek kortliks die vernaamste terme in verband met geweldloosheid weergee en veral uitwys wat die verband tussen geweldlose verset en demokrasie behels.

https://etd.uwc.ac.za

Die woord geweld is reeds deur politieke taalkundiges van beide die linker- en regterkant van die politieke spektrum geherdefinieer. Diegene aan die linkerkant gebruik die term sodanig dat baie aktiwiteite wat geen direkte fisiese geweld insluit nie, ´n nuwe betekenis aanneem. Diegene aan die regterkant van die politieke spektrum, weer, gebruik die term "geweld" sodanig dat dit slegs die onwettige gebruik van geweld is wat as geweld bekend staan, byvoorbeeld, die polisie en lede van die weermag kan dikwels baie hardhandig en gewelddadig optree, maar dit word beskou as geregverdig en as deel van hul plig. Persone anders as dié wat "wettiglik" geregtig is om geweld te gebruik, soos byvoorbeeld gewone burgers, se soortgelyke optrede word beskou as gewelddadig. Die magistraat wat iemand tronk toe stuur of die regter wat die doodstraf oplê, word nie as gewelddadige persone gesien nie. Met hierdie herdefiniëring van die woorde kan baie persone oorgehaal word om te dink soos die gebruikers van die terme sonder dat daar juis iets bewys is (1) . Dit is ongelukkig so dat mense oorgehaal of oortuig kan word sonder om iets te bewys of sonder dat hulle daarvan bewus is hoe hulle oordele manipuleer word. Die einste diskoers wat gebruik word, reflekteer ´n waardebeoordeling, byvoorbeeld, "terroriste" en "spesiale taakmagte" oftewel "onluste-eenhede" kan albei dieselfde handeling uitvoer naamlik om ´n persoon van die ander groep dood te maak, tog veroordeel die stamwoord "terreur" reeds die handeling as onwettige geweld. Polemici streef dus gedurig daarna om voordeel te trek deur terminologie op ´n sekere manier te

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

gebruik.

Ek gaan nou ondersoek instel waarom diegene aan die linkerkant so graag verwys na die term strukturele geweld.

Volgens Teichman (2) is strukturele geweld ´n ander naam vir wat eerder as sosiale ongeregtigheid genoem kan word. Soos ek in Hoofstuk 1 probeer uitwys het, kan strukturele geweld versinnebeeld word deur wette of ingewortelde of tradisionele gebruike wat die keuse in ´n groep of groepe binne ´n gemeenskap aansienlik beperk, byvoorbeeld die beperkinge op "Kleurlinge", "Swartes" en "Indiërs" in Suid-Afrika. Genoemde persone moet ongeregtigheid verduur wat betref werksgeleenthede, onderwysgeleenthede, inkomste, verblyfareas en dies meer. Strukturele geweld bestaan nie sigself uit of sluit nie noodwendig fisiese geweld in nie. Ofskoon ongeregtigheid, (soos byvoorbeeld apartheid in Suid-Afrika), net soos geregtigheid, (byvoorbeeld die bedreiging van die doodstraf as ´n manier om geregverdigde respek vir die lewe van ander persone in stand te hou) dikwels deur die gebruik of bedreiging van geweld in stand gehou word, is dit nie sondermeer altyd die geval nie. As gevolg hiervan, word na strukturele geweld soms as "geweldlose geweld" verwys. Die wete dat jy tronk toe gestuur kan word of die doodstraf opgelê kan word, oefen op sigself geen fisiese geweld uit nie, maar dit dien nogtans om ´n besondere verhouding tussen partye instand te hou.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Daar bestaan wel redes waarom persone na ´n stel onregverdige wette as gewelddadig wou verwys eerder as om te sê dat dit onregverdig is. Daar mag drie redes hiervoor aangevoer word. Eerstens, deur na die onregverdigheid van die wette as "strukturele geweld" te verwys, kan die persone wat revolusie of terrorisme voorstaan, hul optrede regverdig deur te wys dat die ander persoon of party ook met geweld besig is. In die tweede plek, deur van geweld in plaas van ongeregtigheid te praat, word daar ´n appèl gerig op die reg tot selfverdediging. Die meeste persone erken die reg van iemand om homself te verdedig en dit sluit in om onder sekere omstandighede, ten minste, ook van fisiese geweld gebruik te maak. Die punt is dié: ´n persoon kan nie sondermeer op fisiese wyse onregverdighede soos bedrog en diskriminasie met geweld teenstaan soos wat hy die reg het om geweld met geweld teen te staan nie aangesien demokrasie (soos ek geargumenteer het) ´n vreedsame proses veronderstel waar daar deur middel van rasionele oorweginge tot ´n besluit gekom word. In die derde instansie skyn dit geriefliker vir sekere individue te wees om dinge te oorvereenvoudig en na alle euwels as afkomstig van ´n sekere soort, naamlik gewelddadig te verwys as om na al die fundamentele konsepte waarop die morele stelsel mag berus, soos byvoorbeeld vryheid, gelykheid, eerlikheid en so meer te verwys. Die onderskeid tussen "goed" en "sleg" word dan bloot gemaak in terme of die handeling "gewelddadig" of "geweldloos" is.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Dit sou dan onnodig wees om te besluit of gelykheid beter is as vryheid. Alle handelinge sal dan as goed of sleg afgehandel kan word afhangende of dit gewelddadig is of nie. Indien dit wel gewelddadig is, sal dit afhang van die mate waartoe dit gewelddadig is. Sulke persone sien "strukturele geweld" as semi-permanent en dit word dus beoordeel as erger as die beweerde tydelike geweld van revolusie of terrorisme (3).

Deur van taal op ´n besondere manier gebruik te maak, word daar dikwels ook van "simboliese geweld" gepraat. ´n Besondere taalvermoë word as wettiglik gekonstitueer beskou, word deur sommige sprekers aangeleer, forseer op andere, en gereproduseer as die heersende of dominante taalvorm. Dink byvoorbeeld aan die dominante plek wat aan Engels en veral Afrikaans toegeken word in Suid-Afrika.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Dikwels neem taalkundiges die sogenaamde "kollektiewe skat" as die objek in hul teorieë wat in baie gevalle ´n norm is wat op persone forseer is in die proses van politieke unifikasie. Hierdie versweë aanvaarding van ´n taalkundige norm help weer op sy beurt om die wettigheid van die amptelike taal te versterk. Dit help om tussen alle lede van ´n "taalgemeenskap" ´n minimum vlak van kommunikasie te verseker wat ´n voorvereiste vir ekonomiese en simboliese produksie is.

Indien die amptelike taal verhef word tot die status van nasionale taal, word aan die bourgeouisie (soos in

https://etd.uwc.ac.za

Frankryk) ´n de facto monopolie van die politieke apparaat en ´n bevoorregte weg van kommunikasie met die sentrale mag gegee (4). Die gevolglike normalisering, inprenting en wettiging van die taal was primêr deur die stelsel van onderwys en sy verhouding met die arbeidsmag teweeggebring. In Suid-Afrika het dit uitgeloop op die groot studente-betogings van 1976 toe daar ondermeer teen die afdwing van die Afrikaanse taal in Swart skole protes aangeteken is. Deur dan nou na die taal soos deur "Blankes" toegepas te verwys as "Simboliese geweld", word daar dan nou deur die polemici aan die linkerkant gepoog om voordeel te trek uit die spesifieke gebruik van die term.

Opsommenderwys, dus, het ek probeer aantoon dat die gebruik van die term "geweld" in ´n sin wyer as die fisiese krag om te beseer, skade aan te doen of om iemand in toom te hou (te verhoed), is, en primêr daarop gemik is om taalkundige voordeel te trek uit die gebruik van die terme en dan deels geregverdiging te probeer vind vir optrede (ook soms fisiese gewelddadige optrede) teenoor instansies wat dan nou "strukturele" of "simboliese geweld" toepas.

Ek het reeds vroeër daarop gewys dat daar in ´n samelewing (veral ook in ´n demokratiese gemeenskap) sekere instellinge geskep moet word om orde te handhaaf. Die term geïnstitusionaliseerde geweld word dan gebruik om te verwys na wettige geweld, wat beskou kan word as bestaande

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

uit twee soorte, naamlik, daar is eerstens die soort fisiese geweld wat teen persone gebruik word wanneer die polisie-owerhede wette toepas of wanneer tronkbewaarders byvoorbeeld tronkonluste beheer. Tweedens is daar die gebruik van fisiese geweld teen persone wat deur gewone burgers met die toestemming of aanmoediging van die wet uitgevoer word: byvoorbeeld lyfstraf aan kinders, sport (boks en stoei), burgerlike-arres ensomeer (5). In ´n land soos Suid -Afrika waar die sosiale reëlings baie onregverdig is, word daar swaar geleun op die gebruik van geweld om apartheid instand te hou, byvoorbeeld, swaar tronkstraf word opgelê aan diegene wat die groepsgebiede wet oortree. Met ander woorde, die maatskaplike onregverdigheid ("strukturele geweld") word instand gehou deur geïnstitusionaliseerde geweld.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die vraag kan opduik waarom die swart burgers in Suid-Afrika dan lede van die polisiemag as teikens van fisiese geweld uitsonder. ´n Rede mag moontlik wees dat die lede van die polisiemag dikwels, behalwe hul normale pligte in diens van die publiek, moet toesien dat die apartheidswette toegepas moet word. Hierdie wette word deur die meerderheid burgers (wat nie stemgeregtig is nie) as immoreel en dus nie in belang van die meerderheid burgers in die land beskou nie; derhalwe die dikwels gewelddadige aanvalle.

Vir die doel van hierdie mini-tesis, sal ek veral die konsep van fisiese geweld ontleed, dit wil sê, geweld as

https://etd.uwc.ac.za

die gebruik van fisiese krag om iemand te beseer of dood te maak of om hom / haar in toom te hou ten einde die politieke en ekonomiese status quo te behou of te verander.

Eerstens, die beskouinge van persone wat fisiese geweld op grond van beginsel verwerp, kan volgens Gene Sharp in ses tipes verdeel word (6), naamlik Nie-verset (nonresistance) wat uitgevoer word deur groepe wat besorgd is om getrou aan hul oortuigings te bly en hul eie integriteit te handhaaf terwyl hul weier om enige aanval teen te staan; ten tweede is daar Aktiewe Rekonsiliasie wat verkies word deur diegene wat aktiewe welwillendheid en rekonsiliasie (versoening) gebruik om sosiale verandering teweeg te bring; Morele Verset wat verteenwoordig word deur diegene wat glo dat euwel teengestaan moet word maar slegs deur vreedsame en morele wyses; Selektiewe geweldloosheid wat gebruik word deur groepe wat weier om in spesifieke gewelddadige konflikte deel te neem, gewoonlik internasionale oorloë; Satyagraha wat deur Ghandi ontwikkel is en wat die waarheid gesoek het deur liefde en korrekte handeling terwyl hul die samelewing herstruktureer en politieke euwels beveg het; en Geweldlose Revolusie - wat die oortuiging is van diegene wat glo dat slegs ʼn revolusie wat deur geweldlose, ko-operatiewe en gelykmakende (egalitêre) metodes uitgevoer word, die grootste maatskaplike probleme van die wêreld kan oplos.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Die geweldlose revolusie is eintlik ´n sintese van sekere soorte pasifisme byvoorbeeld (1) morele verset, (2) Satyagraha en (3) ideologieë van sosiale revolusie (dit wil sê, basiese maatskaplike verandering). Hierdie soort benadering het sy oorsprong gehad in pogings om sosiale, politieke of ekonomiese veranderinge teweeg te bring waar die parlementêre manier òf nie bestaan nie, òf nie reageer op populêre beheer nie en waar gewelddadige metodes verwerp word òf omdat die middele vir effektiewe wapenstryd hoofsaaklik in die hande van die ondersteuners van die status quo is, òf om ander redes. Geweldlose revolusie ontwikkel ook deels as gevolg van kwellende sosiale probleme soos byvoorbeeld vryheid van oorheersing in Suid-Afrika (7).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Gegewe die vorige definisie van geweld, dan skyn dit asof geweldloosheid (nonviolence) ´n groot verskeidenheid van gedrag wat dwang veroorsaak, insluit. Dit is slegs die fisiese waarby vasgesteek word. Dit is nie alle handelinge wat geen fisiese gevolge het wat korrek as geweldloos beskou kan word nie, aangesien ´n daad as geweldloos (nonviolent) beskryf kan word slegs as die handeling in ´n konteks plaasvind waar gewelddadige handeling of as wettig of as normaal beskou kan word. Geweldlose handeling verg dus selfbeheersing; dit kan dwang insluit, maar nie fisiese geweld of die dreigement van fisiese geweld nie en dit kan ook van oorreding en bekering of omkering wat as nie-gedwonge tegnieke bekend staan, gebruik maak.

https://etd.uwc.ac.za

Die term geweldloosheid (nonviolence) is in die verlede dikwels in afwisseling gebruik met terme soos pasifisme en passiewe teenkanting. Dit is egter duidelik dat baie persone wat hul daarvan weerhou om mag (force) in konfliksituasies te gebruik alles behalwe vreedsaam of passief is.

Vir baie persone wat verandering in Suid-Afrika wil teweegbring maar nie by die gewapende stryd betrokke wil raak nie, skyn burgerlike ongehoorsaamheid as ´n geweldlose optrede die enigste opsie te wees. Dit is derhalwe nodig dat die term "burgerlike ongehoorsaamheid" van nader beskou moet word. "Burgerlike ongehoorsaamheid" mag gedefinieer word as die doelbewuste en openbare oortreding van ´n wet wat deur die akteur as wettig beskou word ( dit wil sê, dit is gekonstitueer en toegepas in ooreenstemming met aanvaarde regeringsprosedure - aanvaar deur wetsgehoorsame burgers maar nie noodwendig mee saamgestem nie - )met die doel om maatskaplike verandering teweeg te bring (8).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Indien ´n oortreding onbewustelik sou plaasvind, sou dit nie as ongehoorsaamheid kon geld nie aangesien die oortreder nie willens en wetens die wet oortree het nie. Indien dit op ´n doelbewus onopsigtelike manier sou plaasvind, is dit krimineel. Indien die wettigheid van die regering wat die wet geskep het of wat dit toepas, misken word, dan kan die handeling as revolusionêr beskou word deurdat die kriteria van geregtigheid wat die spesifieke

https://etd.uwc.ac.za

regering aanhang ontken word en nie aanvaar word nie - dus het daardie kriteria dan ook geen toepassing op revolusionêre handeling nie. Die revolusioniste gebruik dus ander kriteria van geregtigheid.

Wanneer na die term "burgerlike ongehoorsaamheid" gekyk word, is daar twee betekenisse wat deur die woord "burgerlike" geimpliseer word. In die eerste instansie beteken dit dat die regering verontagsaam word, en ten tweede verwys dit na die feit dat die persoon wat die wet verontagsaam homself as ´n burger beskou - en ´n lojale en wetsgehoorsame een daarby. Hier is dit natuurlik ´n verskil tussen lojaliteit teenoor die staat ( wat dit ookal mag wees) en lojaliteit teenoor die regering. Die ongehoorsame persoon se siening is dat dat sy lojaliteit teenoor die staat hom as´t ware dwing om ´n besondere wet te verontagsaam ten einde die staat te verbeter. As voorbeeld kan ons hier verwys na persone wat protesteer teen strandapartheid deur die geriewe te gebruik wat vir ander groepe gereserveer is. Sulke protesteerders maak gewoonlik hul voornemens vooraf bekend en is bereid om die straf vir die oortreding - verkieslik tronkstraf of inhegtenisname bo die opsie van ´n boete - te dra. Deurdat hy in die openbaar sy wandaad erken en die wetlike gevolge daarvan dra, bewys hy sy basiese trou aan die regering en kan dit gesê word dat hy nog steeds binne die grense van die wet bly (9).

Burgerlike ongehoorsaamheid word dus gemik teen

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

"onregverdige" wette. Dit is slegs as die protesteerders kan demonstreer dat die wet ´n werkstuk van ´n groep eerder as ´n geïnstitusionaliseerde besluit van die gemeenskap in geheel is, dat burgerlike ongehoorsaamheid daardie algemene disrespek teenoor wette toon wat teenstanders van burgerlike ongehoorsaamheid so vrees (10).

Ek het nou tot dusver gekyk na watter vorme geweldlose verset kan aanneem; wat die doel van geweldlose verset is en wat die betekenis van burgerlike ongehoorsaamheid is. Vervolgens gaan ek ondersoek instel wat die verband tussen pasifisme en geweldloosheid is.

WAT IS DIE VERBAND TUSSEN PASIFISME EN GEWELDLOOSHEID?

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Op dieselfde wyse as wat die polemici probeer voordeel behaal deur die terme met betrekking tot geweld te herdefinieer, word daar van die term "geweldloosheid" (nonviolence) gebruik gemaak. Sommige voorstanders van geweldloosheid voer aan dat deur van dwang ("co-ercion") in enige mate of in enige soort gebruik te maak, is om geweld te gebruik. Hulle is van mening dat as daar enige fisiese of geestelike ongemak / ongerief veroorsaak word, dit beide verkeerde en gewelddadige optrede is. Daar sou uit hierdie perspektief seker logies (maar sekerlik nie sinvol nie) geargumenteer kan word dat enige handeling wat jou opponent in die verleentheid kan plaas, verhoed moet word selfs al sluit die handeling nie veel meer in as die

https://etd.uwc.ac.za

publikasie van feite wat voorheen deur hom verswyg is nie.

Daar is egter ook ander voorstanders van geweldlose verset, veral Christen teoretici, wat voorgee dat die definisie van geweld nie aan die fisiese aard van die daad gekoppel is nie, maar aan die "gees" waarin die daad geskied. Dit wil sê, ´n daad wat "uit liefde" gedoen word, is geweldloos, maak nie saak hoe gewelddadig dit mag voorkom nie, terwyl enige handeling wat met kwaadwilligheid uitgevoer word, gewelddadig mag wees selfs as geen fisiese kontak plaasvind nie (11) .

Dit is egter so dat die meeste voorstanders van geweldlose verset ´n mate van dwang aanbeveel en gebruik. Net soos strukturele geweld geen fisiese geweld insluit nie, maar deurdat dit eerder sielkundige geweld insluit, netso sluit geweldlose verset sielkundige geweld in. Dit is wel so dat baie geweldlose versetaksies ´n geleidelike toename in dwang voorstel. Wat hul egter eenvormig verwerp is die dreigement van of gebruik van fisiese beperking, besering of verwoesting van persone of hul eiendom.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Opsommenderwys dus, die terme pasifisme, burgerlike verset, geweldlose verset / revolusie, sluit almal ´n vorm of vorme van dwang in - fisiese dreigemente en beserings en of dood word egter uitgesluit. Daar is egter geen konseptuele verbintenis tussen geweld en burgerlike verset nie. Burgerlike verset mag, as gevolg van ´n spontane

https://etd.uwc.ac.za

uitbarsting, wel op geweld afstuur. In sulke gevalle mag die geweld die saak van die "pasifiste" aanhelp deurdat hul meer publisiteit vir hul saak verkry, maar hul sal dit nie openlik steun nie - alhoewel hul mag hoop dat sulke insidente wel sal plaasvind.

Nadat ons nou vasgestel het dat daar geen konseptuele verbintenis tussen geweld en burgerlike verset is nie, word dit nou nodig dat ons vasstel of daar ´n verbintenis tussen demokrasie en geweldlose verset is.

WAT IS DIE VERBINTENIS TUSSEN DEMOKRASIE EN GEWELDLOSE VERSET?

Net soos daar verskillende vorme van demokrasie is (volgens C.B.Macpherson) (12), is daar ook verskillende vorme van geweldlose verset. Sommige versetaksies word deur individue onderneem terwyl andere weer deur groepe onderneem word.

Volgens die eerste groep word die wêreld gesien as bestaande uit individuele wesens wat elk hul bestaansredes het en wat individuele vryheid nastreef. Hul glo dat die individu deur sy individuele optrede ´n groot sosiale effek kan hê. Hier word individuele obligasie beklemtoon - die verpligting wat ´n mens het om gedurig morele vereistes na te kom. Diepgaande introspeksie is hier nodig.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Die tweede groep kyk na die georganiseerde samelewing. Dit konsentreer op groepe en magte en besondere doelstellings. Die fokus hier is op ´n veranderende samelewing en op mag. Dit beoog om ´n samelewing daar te stel waartoe die persone gedurig hul toestemming verleen - waar die mense werklik soewerein sal wees. Hierdie sienswyse kom ooreen met ´n sienswyse van positiewe vryheid en word gebaseer op ´n verantwoordelikheid wat ´n mens nie toelaat om morele uitmuntendheid te verwerf deur reëls te volg of om opdragte te volvoer nie. Inteendeel, ´n mens word aanspreeklik gehou vir die maak van oordele oor die moontlike gevolge van jou handelinge in teenstelling met slegs die intensies daarvan.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Volgens Stiehm (p.100) word daar gewoonlik na groepsgeweldlose verset as demokraties verwys terwyl individuele geweldlose verset tot anargistiese politieke filosofie lei. Die aanspraak dat geweldlose groepsverset demokraties is, berus op die feit dat demokrasie nie gedefinieer word in terme van die sosiale produk of die kwaliteit van sy burgerlike lewe nie, maar deur die deelname wat dit in besluitneming bied en deur die mag wat dit aan die meerderheid toeken. Die argument word aangevoer dat geweldlose verset slegs suksesvol kan wees indien dit ten minste die passiewe ondersteuning van die meeste van die samelewing se lede geniet. Die aanname is dus dat indien geweldlose verset suksesvol is, is dit outomaties "demokraties" selfs indien dit oorwin deur buite die grense van die wet te gaan, selfs al word dit

https://etd.uwc.ac.za

gedoen in ´n land wat homself as demokraties beskou.

Daar word veral twee redes aangevoer waarom groepsgeweldlose verset wat suksesvol is, as demokraties gesien kan word. Eerstens, moet daar aanvaar word dat enige stelsel van verteenwoordiging uit die aard van die saak kommunikasie verwring. Deurdat geweldlose verset persoonlike deelname deur enige of al die lede van die samelewing toelaat, is dit die mees direkte en dus die mees demokratiese manier om beleidsvoorkeure uit te druk (13).

´n Tweede rede wat aangevoer kan word vir die inherente demokratiese aard van geweldlose groepsverset, is die feit dat daar twee opsies is om die doelstellings ("ends") te bereik - òf deur oorreding òf deur dwang - en dit lei noodwendig tot ´n meer beredeneerde manier om tot ´n besluit te kom as wat die geval met individuele protesteerders is.

In opsomming, dus,: In die demokrasie word wel verset toegelaat, maar op ´n geweldlose manier. Dit is eerder geweldlose groepsverset as geweldlose individuele verset wat as demokraties beskou kan word.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

# HOOFSTUK 7

## GEWELD EN DIE SUID-AFRIKAANSE SKOLESTELSEL.

In Suid-Afrika is daar sedert 1976 veral in toenemende mate voorvalle van fisiese konfrontasie tussen aan die een hand die Polisiemag en Weermag en aan die anderhand die leerlinge, studente en ouers van veral skole anders as die sogenaamde "blanke" skole. In hierdie hoofstuk wil ek dan veral konsentreer op die regverdiging van hierdie manifestasies van fisiese geweld sowel as op watter implikasies dit inhou met verwysing na die begrip demokrasie.

In die situasie wat ek gaan analiseer sal daar verwys word na die elemente wat in die vorige hoofstukke bespreek is, naamlik demokrasie, teenkanting, fisiese geweld, aanspraak op morele regverdigheid, vryheid en gelykheid.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

### GEWELD VANAF STUDENTE EN LEERLINGE

Vir eers wil ek aantoon op watter maniere en waarom geweld in die onderwyssituasie geopenbaar word en hoe die polisie en die studente hul gebruik van geweld moreel probeer regverdig. Daarna sal ek die begrip vrede van nader beskou.

In toenemende mate word daar tydens studente- en leerlingmassavergaderings (1) van politieke slagspreuke

https://etd.uwc.ac.za

gebruik gemaak en word daar veral teenkanting gebied teen die verkiesing van lede van die apartheidsdriekamerparlement. Uit die slagspreuke soos: "Weg met die driekamerparlement"; "Weg met dommieverkiesings"; "Een mens een stem"; "Weg met gutter-education"; "Bevry ons regmatige leiers" ; "Studente en werkers moet verenig" en "Ons eis ´n vry, nie-rassige, demokratiese Suid-Afrika vry van eksploitering" is dit duidelik dat daar ontevredenheid uitgespreek word deur leerlinge wat as die toekomstige burgers van die staat gesien word. In beide hul politieke strewens en in hul praktyke om tot besluitneming te kom, val die klem in toenemende mate op die aanspraak op demokrasie en op demokratiese praktyke (2). Vir studente aan tersiêre inrigtings wat reeds geregtig is om aan die driekamerverkiesing deel te neem, is hul betogings veral ´n wyse om teenstemming ("dissent") aan te teken - m.a.w. hul maak kapsie teen die feit dat hul deelname aan verkiesings nie betekenisvolle verandering kan meebring nie en bepleit groter vryheid van spraak en beïnvloeding van besluite sowel as ´n regverdige maatskaplike en ekonomiese bedeling. In kort, hul wil teenstemming teen die bedeling aanteken. Die sogenaamde "swart" studente wat huidiglik nie eens deel van die driekamerparlement kan uitmaak nie, het natuurlik nog groter rede om hul ontevredenheid uit te spreek! Studente en leerlinge het dan ook betrokke geraak in straatgevegte met die polisie- en weermag waar hul met klippe, petrolbomme en padblokkades van fisiese geweld gebruik gemaak het. Dit is

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

egter ook met werkers wat weier om aan stakings en boikotte deel te neem, met wie die studente in fisiese konfrontasies betrokke raak en ook inspekteurs van onderwys wat aan geweld op skole blootgestel word deurdat hul staatsmotors beskadig word.

Studente maak dus aanspraak op morele regverdiging vir die gebruik van fisiese geweld in dié sin dat hulle beweer dat hul die demokrasie wil verbreed en op so ´n manier vrede wil teweeg bring. Daar is ook die idee onder studente dat morele regverdiging gebaseer is op die feit dat studente-aksies daarop gemik is om van ´n euwel stelsel (apartheid en kapitalisme) ontslae te raak en wat ookal euwel teenstaan, moet gevolglik per definisie goed wees. Hierdie is natuurlik ´n heeltemal ongeldige argument, maar ek vermoed, tog ´n heersende een.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Aan die anderhand maak die Polisiemag ook meer en meer van geweld gebruik en probeer regverdiging daarvoor vind.

GEWELD VANAF STAATSWEE

Vanaf die polisie- en weermag se kant word daar van onluste- eenhede gebruik gemaak en word daar verwys na "ander" magte wat die leerlinge kwansuis "opstook" om "kommunistiese" ideale na te streef. Hierdie geïnstitusionaliseerde vorm van geweld word dus as optrede teen die studente en leerlinge gebruik in die vorm van traangasaanvalle, knuppelstormlope, rubberkoeëls, donshael

https://etd.uwc.ac.za

en inhegtenisname. Daar is egter ´n stygende aanklag dat die polisie en weermag dikwels die grense van hul geïnstitusionaliseerde mag oorskry. Hierdie aksies is in opdrag van die Minister van "Wet en Orde" om ´n toestand van "vrede" te bewerkstellig sodat onderhandelinge vir ´n " nuwe" Suid-Afrika in ´n vreedsame klimaat kan plaasvind. Daarby word die leerlinge se eis dat Nelson Mandela, lewenslank gevonnisde leier van die ANC, vrygelaat word, verwerp deur die staat met ´n voorvereiste dat hy eers geweld afsweer (3).

Die polisiemag maak dus aanspraak op morele regverdiging deurdat hulle beweer dat hulle die vrede bewaar en wetsgehoorsame burgers van fisiese geweld beskerm. Hierdeur ontstaan daar ´n paradoks: Die onderliggende beginsel hier is dat die morele prioriteit in Suid-Afrika VREDE is (al beteken dit dat geweld gebruik moet word om vrede te handhaaf). Vir die studente is die onderliggende morele beginsel dat die morele prioriteit in Suid-Afrika DEMOKRASIE is (al beteken dit dat ondemokratiese metodes aangewend moet word).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Dit is gevolglik wenslik dat ons die term vrede van nader beskou aangesien dit dit is wat beide die polisie en die studente nastreef en omdat albei se pogings om vrede te bewerkstellig skynbaar in konflik met demokrasie is.

https://etd.uwc.ac.za

DIE TERM VREDE

Normaalweg word na vrede verwys as die afwesigheid van oorlog, geweld of die dreigement van geweld en veral word daar bedoel fisiese geweld. Dwarsdeur hierdie mini-tesis is egter geargumenteer dat daar ook ander vorme van geweld, naamlik geïnstitusionaliseerde geweld, strukturele geweld, simboliese geweld en ook sielkundige geweld voorkom. Indien die term vrede dus verwys na bloot die afwesigheid van fisiese geweld, word ons dus gelaat met al die ander vorme van geweld - oftewel onderdrukking. Vrede, indien dus bloot die afwesigheid van fisiese geweld, sou dus ook sinoniem kon wees met onregverdigheid en vyandige gesindhede wat haat en tweedrag kweek.

Dus, vanaf owerheidsweë is daar ´n wanopvatting - miskien doelbewus - oor die toepassing van geweld deur studente en die staat se beheptheid met die term "vrede", en aan die studente se kant is daar die teenstrydigheid tussen demokratiese ideale en die gebruik van geweld.

Die vraag is nou: Hoe gebruik studente en agente van die staat die konsepte demokrasie en geweld ten einde hul optredes te regverdig?

Ek gaan vervolgens eers kyk na die gronde waarvolgens studente morele regverdiging probeer vind vir hul gewelddadige optredes en daarna hoe hul die konsep van demokrasie gebruik. Daarna sal ek kyk na die sogenaamde

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

wettige gebruik van geweld deur die polisie en hoe hul die konsep demokrasie hanteer.

STUDENTE EN GEWELD

Dit is veral sedert die Soweto-onluste van Junie 1976 dat studente en jeugdiges die gewapende magte van die staat begin konfronteer het ten einde die onderwyskomponent van apartheid teen te staan. Daar is talle weergawes van die opstande wat getuig van die spontane aard van die gebeure (4). Studente-protesaksies in die skole het deel gevorm van ´n groter teenkanting teen die maatskaplike ongelykhede en onregverdighede. Studente het tydens hierdie periode die voortou geneem in die opposisie se teenkanting teen die staat se pogings om kennis deur die medium van Afrikaans, wat vir die meeste swart leerlinge ´n vreemde taal is, te reproduseer. Colin Bundy (5) beweer dat die Soweto-opstande sentraal staan aan enige ontleding van die politiek van die laaste dekade.

> They prompted BOTH the state´s drastic repressive measures AND the tactics of co-option and technocratic reforms. They also gave birth to a cumulative anger and an experience of the possibilities of confrontation. (6)

Met hierdie nuwe beklemtoning van die Afrikaanse taal het die staat probeer om ´n onderwysstelsel daar te stel wat die idee van swart minderwaardigheid in ´n groter mate kon reproduseer. Die onderwysstelsel het die vervreemding

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

tussen groepe mense en rassisme gereproduseer terwyl die inhoud van die onderwys die waardes van individualisme en vooruitgang deur middel van harde werk, verkondig het. Hierdie idees was in direkte teenstelling met die studente se bestaanswerklikhede. Hul het juis ondervind dat hul individualisme onderdruk was deurdat hul ´n eie stem, eie denke en eie vooruitgang ontsê is. ´n Opmars deur studente om teen hierdie kontradiksie en die verpligte oplegging van Afrikaans te protesteer, is deur die gewapende polisie ontmoet en teen die einde van die dag was daar ´n hele aantal jeugdiges doodgeskiet (7). Vir die studente dus word diskriminasie op grond van ras en klas en ekonomiese uitbuiting deur kapitalisme gesien as oorsake van hul onvryheid.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Uit voorafgaande is dit duidelik dat die rasionaal vir eerstens vreedsame studente-protesaksies ´n teorie of teorieë is wat strukturele geweld in die skole blootlê, met ander woorde, hul raak bewus van die rol wat apartheidsonderwys in hul onderdrukking speel. Dit is dan veral die kultureel- reproduktiewe model wat probeer verklaar hoe apartheid instand gehou word deur aan groepe ´n "eie" identiteit toe te ken; die ekonomies-reproduktiewe teorie wat wys op die klassestryd waar die werkers deur die kapitaliste uitgebuit word (8); die staats hegemonies reproduktiewe model wat uitwys hoe die staat deur middel van kunsmatige hervormings probeer om sy hegemonie te versterk, en wat aan die leerlinge en studente uitwys dat dit nie verandering is wat nodig is

https://etd.uwc.ac.za

nie, maar wel radikale verandering van die hele Suid-Afrikaanse ekonomiese en maatskaplike stelsel (9).

Hierdeur wil ek aantoon dat die onregverdighede van die stelsel aan leerlinge blootgelê word. Hulle begin verstaan dat hul vryheid beperk word deur die tipe opvoeding en onderwys wat hul ontvang en dat daar groot ongelykhede in die skole is wat hul opmerk, selfs sonder om onderleg te wees in enige teorie - hul kan byvoorbeeld sien dat hul skole oorvol is terwyl sogenaamde blankes se skole leeg staan; hul moet vir skryf- en handboeke betaal waar andere dit gratis ontvang; hul onderwysers is ongekwalifiseerd, die skoolgeboue en fasiliteite is van ´n minderwaardige standaard en die per kapita besteding op die swart kind is baie minder as vir die ander bevolkingsgroepe - daarby is die werkloosheidsyfer só hoog dat hul, selfs met skoolopleiding, nie van ´n werk verseker kan wees nie. Hierdie feite opsigself gee egter nie aanleiding tot geweld nie. Dit is soms vreedsame protesaksies wat deur gewelddadige polisie-optrede en inhegtenisname gepaardgaan wat dikwels as katalisator dien - in ander gevalle word daar motors deur studente met klippe bestook en word daar padblokkades opgerig sonder dat daar ´n polisie teenwoordigheid is. Vanaf die studente oogpunt behoort hul in ´n demokrasie uiting te kan gee aan hul ontevredenheid op ´n vreedsame manier.

Jonathan Hyslop (10) waarsku daarteen dat daar nie ´n simplistiese interpretasie aan studente militansie gegee

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

word wat slegs tot Bantoe-onderwys teruggevoer moet word nie. Hierdie onderwysstelsel is reeds in 1955 in werking gestel en dit is nodig om te verklaar waarom die onluste juis op spesifieke tye uitgebreek het en op spesifieke maniere sigself gemanifesteer het. ´n Tweede probleem met die oorvereenvoudiging van die oorsake is dat die opstande plaasgevind het juis op ´n tydstip dat die Staat begin weg beweeg het van die klassieke Bantoe-onderwys-ideologie van Verwoerd ten gunste van ´n meer technokratiese en stedelike oriëntering. As gevolg van veranderde staatsbeleid is daar in die jare sewentig, anders as in die sestigerjare, meer onderwysgeleenthede vir swartes geskep en het daar ´n geweldige toename in die studentetal plaasgevind. Daar het egter nie ´n ooreenstemmende uitbreiding van werksgeleenthede plaasgevind nie en dit het volgens Hermann Giliomee (11) politieke onrus voortgebring. Daarby het die Swartbewustheidsbeweging wat met die stigting van SASO (South African Students´ Organisation) teweeggebring is, ´n nuwe politieke bewustheid by die jeug teweeg gebring. Dit skyn asof die studente onluste van 1976 veral ontstaan het na die polisie verskeie van die studente van Soweto geskiet het en die studente dus reageer het deur staatsgeboue en instellinge aan te val. Hierdie aksie op sigself skyn nie asof dit enigsins op ander morele oorwegings geneem is anders as die reg om te verdedig nie. Daarby moet die reg van negatiewe mag ook in aanmerking geneem word. Daar is geen (betekenisvolle) stemreg aan "swartes" (studente) toegeken nie, dus, die enigste manier om politieke mag uit

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

te oefen, is om te weier - dit is die weiering om Bantoe-onderwys en die swak fasiliteite te aanvaar. Die gevaar is egter dat so ´n spontane gewelddadige reaksie gou uitkring en dit mag aanhou soos dit wel die geval was en studente met slagspreuke soos "Liberation before Education" en "Freedom now" verkeerdelik die moment gesien het as een waartydens die staat onmiddellik met geweld omver gewerp kon word (12). Die gevaar wat dit vir demokrasie inhou, is dat geweld as die norm gesien kan word en dat die jeug en studente hulself dus as ´n mag op hul eie sien. Hierdie toedrag het neerslag gevind in ongedissiplineerde jeugdiges wat hul skuldig gemaak het aan deelname aan sogenaamde "kangaroe howe" waartydens hul beide as regters en voltrekkers van vonnisse opgetree het.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Vir die doeleindes van hierdie mini-tesis in opsomming tot dusver: Studente raak meer en meer bewus van die ongelykhede in die onderwysstelsel, hul dring aan op seggenskap in sake wat hul raak - nie net in die skole en onderwysopset nie, maar ook in die gepaardgaande breere ekonomiese en politieke opset - en hul kom tot die bewustheid van wat die oorsake van hul onvryheid is, hul vreedsame protes word met geweld begroet, met ander woorde, geen wettige teenkanting word vir hul toegelaat nie en hul eien hul die reg toe om te reageer op die oenskynlik oormatige en "onwettige" fisiese geweld van die staat. Om demokraties te wees, beteken egter dat, soos uitgewys, vreedsame praktyke om probleme op te los daar

https://etd.uwc.ac.za

gestel moet word.

Dit bring ons by die vraag: Hoe sien studente die begrip demokrasie?

STUDENTE EN DEMOKRASIE

Aanvanklik was die studente bewegings sterk demokraties in die sin van meerderheidsbesluite: daar was massavergaderings, m.a.w. die kwessie van verantwoording aan die massa is aangespreek; verteenwoordigers is met mandate deur hul kiesafdelings afgevaardig; en bindende meerderheidsbesluite was kenmerkend van hul optrede (13).

Namate die studente besef het dat hul op hul eie nie die staat omver kan werp nie en daar nader aan ´n studente-werker alliansie beweeg is, het die klem begin val op mede-seggenskap deur ouers, onderwysers en leerlinge. Die vorm van regering en besluitneming wat hierdeur voorgestaan word, kan as deelnemende ("participatory") demokrasie bestempel word aangesien elke komponent hier genoem direkte seggenskap in die besluitneming wil hê. Die groot oproep op die vorming van demokraties verkose student - ouer- onderwyserverenigings het ten doel groter begrip vir die optrede van veral studente om ´n gesamentlike front teen die staat te bewerkstellig.

Ek gaan derhalwe ´n oorsig gee van wat deelnemende

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

demokrasie behels en in besonder hoe onderwys hiervolgens gereël kan word en wat die verband dus tussen ´n onderwysstelsel gebaseer op deelnemende demokrasie en die konsep geweld is.

Maar eers, hoe sien die polisie die konsep geweld?

DIE POLISIE EN MORELE REGVERDIGING VAN GEWELD

Volgens Romeinse Reg, word die mag van die polisie beskou as die hart van die staatsgesag. Die essensie van regering is om die toegelate grense van openbare en private gedrag voor te skryf, en dit te formuleer in wettige norme.

> The fundamental right of the state, which distinguishes it from all other forms of association, is the power to coerce, if necessary by recourse to physical force. The police power, as an emanation of sovereignty, was the basis of the practical authority of the state. (14)

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Daar is reeds toegegee dat daar in enige staat die reg tot fisiese optrede aan die agente van die staat, byvoorbeeld die polisiemag, toegeken word. Daar is egter altyd vrese dat die polisie die wettige grense van hul magte mag oorskry. Die probleem hier is tweeledig - dit is naamlik dat die polisie hul wettige magte oorskry EN dat die wettige magte wat aan die polisie gegun word self sonder geregverdigde gronde is - met ander woorde, die wette self is onregverdig. (Vergelyk byvoorbeeld die noodtoestand wat

https://etd.uwc.ac.za

deur een persoon, die staatspresident, verklaar word. Die probleem is dat spioenasie, brutaliteit, arbitrêre gebruik van mag en die bereidheid om die wet in eie hande te neem ´n integrale deel van enige polisiestelsel is (15).)

Daar is eerstens die arbitrêre aard van polisie magte. Dit maak nie saak hoeveel polisie magte formeel beheer word deur die aandrang op regsvoorskrifte, objektiewe deskundige getuienis of onafhanklike arbitrasie nie, die toepassing van die magte, wat die werk van die polisiedienste is, is essensieel arbitrêr, byvoorbeeld vergaderings van linksgesindes word deur traangas onderbreek en leiers word dikwels vir ondervraging gearresteer terwyl verregse vergaderings geduld word - selfs met hul lede se openlike vertoon van wapens. Dit is ook duidelik dat, maak nie saak hoe streng die wette in teorie omskryf word nie, die werking daarvan bly in die praktyk grotendeels lukraak (toevallig) en onseker. Dit is deel van die aard van kontemporêre polisie magte om selektief te wees en dit impliseer keuse. Chapman (16) beweer dat die hedendaagse administrasies so kompleks is dat indien alle wette en polisie-ordonnansies universeel toegepas moet word, dan sal alle burgers kriminele wees. Die moderne neiging van wetgewers en administrateurs om te probeer om die samelewing deur middel van strafmaatreëls te verbeter, het gelei tot ´n situasie waar anti-sosiale gedrag deur reëls beveg word sodat sulke aktiwiteite tegnies onwettig sowel as sosiaal veragtelik is. Die skole-boikotte en die gevolglike studente-onluste kan hier

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

as voorbeeld genoem word. Byvoorbeeld, daar word deur die konserwatiewe Suid-Afrikaanse gemeenskap verwag dat studente en leerlinge in hul klasse moet wees eerder as wat hul boikot. Daar was dan ook al gevalle waar studente wat buite die skoolgronde tydens skool-ure gekry is, in polisie-vangwaens gelaai is - asof hul misdadigers is. Na aanleiding hiervan kan ons sien waarom die staat dit byvoorbeeld nodig geag het om so drasties teen kinders op te tree: Tussen Julie 1985 en Mei 1986 was 209 van die mense wat in polisie-optrede gesterf het, onder die ouderdom van 18 jaar. Twaalf persent was onder die ouderdom van 15 en die jongste was 7 jaar oud. Daar is gevalle van selfs agtjariges wat in hegtenis geneem is op grond van intimidasie en wat borgtog geweier is (17). In normale samelewings neig die uitoefening van polisie magte om bepaal te word deur ´n intuïtiewe sin vir waardes waar die polisie die waardes van die samelewing reflekteer. Sekere oortredings word deur die polisie as so intrinsiek nadelig of veragtelik vir die samelewing beskou, dat hul outomaties met die grootste moontlike ywer nagevolg word. In die Suid-Afrikaanse konteks kan daar aan verskeie oortredings wat in hierdie lig deur die polisie beskou word, gedink word, byvoorbeeld die vroeëre toepassing van die sogenaamde immoraliteitswette waar "Kleurlinge" en "Swartes" nie toegelaat is om verhoudings met "Blankes" aan te knoop nie.

Ten tweede kan ons kyk na die kwessie van polisie brutaliteit. Ons is dit eens dat die mag van die polisie

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

uiteindelik berus op die wettige gebruik van geweld ("force"). Klagtes van polisie brutaliteit is gewoonlik een van twee of albei: in baie gevalle is die klag dat die gebruik van geweld die krag oorskry wat nodig is om die polisie doelstelling te bereik, of die gebruik van hul mag word op ´n ongeoorloofde wyse uitgeoefen.

Daar bestaan voldoende dokumentasie oor polisie brutaliteit in Suid-Afrika om ´n bespreking daarvan te regverdig. Dit gaan normaalweg gepaard met die ondervraging van verdagtes op die polisie persele en dit is nie altyd duidelik op watter tydstip die toepassing van sielkundige druk die onwettige gebruik van geweld word nie. Daar is egter maatreëls getref in beskaafde samelewings om die magte van interrogasie te beperk deur wettige waarborge om te verhoed dat daar verklarings uit mense gedwing word deur geweld te gebruik. Daar word wel voorsiening gemaak vir die reg tot regsverteenwoordiging (behalwe in die geval van sommige van Suid-Afrika se veiligheidswetgewing), tot mediese ondersoek, tot spoedige en duidelike aanklagtes, tot ´n spoedige verskyning voor ´n magistraat, en tot vryheid van selfinkriminasie (18).

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Die wyse waarop mense na polisie brutaliteit kyk, hang af van die politieke sentimente wat die waarnemer aanhang. "The use of force against students in Chicago is a wicked Fascist exercise: the use of force against students in Prague is a wicked Communist act. " (19) Sulke kortsigtige uitlatinge is soms die gevolg van die onbewuste tekort aan

https://etd.uwc.ac.za

perspektief deur slegs na die hoogtepunte van ´n paar onderonsies te kyk, sonder om bewus te wees van die opbouende spanning en uittartings wat die voorvalle voorafgegaan het. ´n Massa wat in ´n bui is, is altyd gevaarlik en onvoorspelbaar. Dit kos slegs een of twee persone om ´n klip te gooi en ´n geweldige reaksie uit te lok. Dit kos ervaring om te onderskei wanneer ´n massa se bui van goedhartige ontevredenheid tot eenstemmige vyandigheid verander het, en om te weet wanneer die massa sy kritiese punt bereik het en ´n aanval op hande is.

Die huidige vreedsame verloop van massa-optogte dien moontlik as aanwyser dat polisie-optrede voorheen teen betogende leerlinge binne hul skoolgronde uiters onsensitief was en selfs die geweld aan die hand van die studente kon ontlont het.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Dissent of teenstemming in Suid-Afrika het verskeie vorme aangeneem: Daar is bewerings van politieke leiers wat in polisie-aanhouding gesterf het of onverklaarbaar verdwyn het; politieke moorde deur sluipmoordenaars is uitgevoer; organisasies is verban; ´n uitgerekte noodtoestand heers; private persone is verban en of ingeperk.

Dit skyn dus asof die polisie nie veel traak of daar demokratiese regering heers of nie, hul enigste taak is dat die wette van die land - of hul nou daarmee saamstem of nie - afgedwing moet word, en desnoods op gewelddadige manier.

https://etd.uwc.ac.za

Die polisiemag is egter nie al agent van die staat wat interne ontevredenheid in Suid-Afrika onderdruk nie. Ook die rol van die weermag moet van nader beskou word.

DIE POLISIE EN DIE WEERMAG

Na aanleiding van die groot aantal onrusverwante sterftes en die ontplooiing van die weermag in byvoorbeeld Soweto, Sebokeng en Grahamstad, skyn dit asof die polisie, op hul eie, nie by vermoë is om die "vrede" te bewaar nie. Dit dui ook daarop dat die onrus wyer versprei en minder betoombaar is as wat die outoriteite wil erken. Gewoonweg word die Weermag ter aanvulling van die burgerlike magte ontplooi wanneer die Polisie nie by magte is om ´n gegewe situasie te hanteer nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Maar die meeste Suid-Afrikaners sien die weermag primêr as ´n afskrikmiddel teen buitelandse magte, nie as ´n liggaam - veral nie ´n burgerlike ligaam nie - wat na binne op sy eie mense gerig word nie. Dit is ten spyte van vroeëre soortgelyke voorvalle tydens die 1921 Randse rebellie en die 1960 mars in Kaapstad wat deur die Pan Africanist Congress georganiseer is (20). Die ontplooiing van die weermag teen die burgers van die land word des te meer problematies aangesien die weermag uit vrywilliges en dienspligtiges bestaan wat op bevel teen mede-burgers moet optree - of hul met diegene se standpunt verskil of nie. Daarby behoort die weermag gesien te word as ´n apolitiese

https://etd.uwc.ac.za

neutrale mag wat alle burgers moet beskerm teen buitelandse aanvalle , maar nou word dit aangewend om interne dissent of teenkanting te onderdruk. ´n Uitvloeisel hiervan is die groot getalle dienspligtiges wat weier om diensplig te verrig en senior offisiere wat weier dat die weermag teen burgerlikes aangewend word.

Daar mag geleenthede wees wanneer die polisiemag spesiale dienste en toerusting nodig sal hê bo-en-behalwe dit wat gewoonlik of toepaslik vir die polisie is om te gebruik ten einde ´n operasie met die minste moontlike verlies aan lyf en lewe te verseker. Baynham (21) sien die volgende instansies as voorbeelde van weermaggeondersteunde polisie-optrede: eerstens, die hantering van geweldddadige konfrontasies met swaar gewapende skakers of terroriste. ´n Ander wettige gebruik van die weermag as ondersteuning vir die polisie sou insluit die voorsiening van spesiale dienste en toerusting aan die polisie om hul rol te vervul: bomontlonting, helikopters, nagsigtoerusting, taktiese advies ens. ´n Voorvereiste hiervoor, egter, is dat dit duidelik behoort te wees dat daar minder risiko aan verbonde moet wees en dat die waarskynlikheid van ongevalle minder moet wees indien die weermag so ontplooi moet word.

Die prentjie verander egter aansienlik as die weermag langs die polisie ontplooi word om openbare orde te handhaaf wanneer daar gewelddadige demonstrasies en onluste voor kom. Die ontplooiing van die weermag in so ´n

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za

geval lei in die meeste gevalle tot ´n verhoging in die vlak van geweld.

Uit voorafgaande is dit duidelik dat daar wel grense is waarbinne die polisie en weermag hul taak moet uitvoer in ´n demokrasie.

Vervolgens gaan ek kyk na wat met ´n demokratiese onderwysstelsel bedoel word.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

# HOOFSTUK 8

## WAT WORD BEDOEL MET ´N DEMOKRATIESE ONDERWYSSTELSEL?

Deurdat ouers, onderwysers en leerlinge / studente veral op die gebied van onderwys steeds in toenemende mate vra vir meer seggenskap en meer direkte seggenskap, wil dit voorkom asof die regeringsvorm en besluitneming wat voorgestaan word, dié van deelnemende ("participatory") demokrasie is. Ek gaan derhalwe ´n oorsig gee van wat deelnemende demokrasie behels en in besonder hoe onderwys hiervolgens gereël kan word en wat die verband tussen ´n onderwysstelsel gebaseer op deelnemende demokrasie en die konsep geweld is.

Volgens Pateman (1) moet die teorie van deelnemende demokrasie gesien word as sentrerende om die feit dat individue en hul instellings nie los van mekaar gesien kan word nie. Hiermee word bedoel dat die blote bestaan van verteenwoordigende liggame op nasionale vlak nie voldoende vir demokrasie is nie. Dit is nodig dat indien maksimum deelname deur al die mense op nasionale vlak verkry wil word, daar sosialisering of sosiale onderrig vir demokrasie op ander vlakke moet plaasvind sodat die nodige individuele houdings en sielkundige kwaliteite gekweek kan word. Pateman glo dat die werkplek waar ´n persoon glo die grootste gedeelte van sy leeftyd sal deurbring, die ideale plek hiervoor is. Vir die jong kind en die toekomstige landsburger sou die skool dus as so ´n plek gesien kon

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

word. Van die voordele wat deur deelnemende demokrasie op die gebied van die onderwys getrek kan word, word die volgende deur Bridges (2) genoem:

(1) Deurdat die individu deelneem aan die besluitnemingsproses ontwikkel die persoon insig in die probleme waaroor besluit moet word en verstaan hy beter die politieke situasie waarbinne die besluitneming moet plaasvind.

(2) Die persoon word oefening gegee in die vaardighede en die kennis oor hoe om ´n demokratiese leefwyse te bedryf.

(3) ´n Persoon se outonomie word deur deelname ontwikkel en

(4) die belangrikste punt is dat die persoon daardeur ingelyf word in die morele kultuur van deelnemende demokrasie. Dunlop (3) is egter van mening dat die kwaliteite of eienskappe wat nodig is om deelnemde demokrasie te laat werk, (soos byvoorbeeld redelikheid, vreedsaamheid, ordelikheid, respek vir vryheid en oorweging van andere se belange) iets is wat eers moet bestaan vóórdat demokrasie kan plaasvind. Hy maak ook beswaar daarteen dat dit voorgehou word dat deelname nie net hierdie eienskappe as voorvereiste stel nie, maar dat dit ook hierdie eienskappe by ´n persoon kan aanwakker. Ek wil hier met hom verskil deur te sê dat deelname wel hierdie eienskappe beïnvloed en selfs verskerp. Sy beswaar dat daar geen waarborg is dat ´n persoon wat selfsugtig is (en wat derhalwe weier om na andere te luister, talle struikelblokke veroorsaak ensomeer) sal verander nie, is nie heeltemal geldig nie. Daar moet onthou word dat daar

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

in ´n deelnemende demokrasie eerstens ´n meerderheid persone sal wees wat wel oor die eienskappe wat vir deelnemende demokrasie nodig is, sal beskik. Veral in die skoolopset behoort daar ruimte gelaat te word vir menslike ingryping ("human agency") en moet dit toegegee word dat die jong boompies wel gebuig kan word. Sy skynbare beswaar kan ook op ´n ander manier aangespreek word: Dieselfde persoon wat nie oor die demokratiese eienskappe beskik nie, kan ook deelhê aan ´n verteenwoordigende demokratiese besluitnemingsproses en presies dieselfde taktiek daar uithaal deurdat die persoon ook daar selfsugtig sal wil optree en obstruktionisties kan wees. Die vraag is dié: Watter van hierdie twee vorme van demokratiese besluitneming sou Dunlop as die meer gepaste aanvaar (gegewe die feit dat hy sê dat hy wel ten gunste van demokrasie is)? Volgens Pateman (4) is die opvoedingfunksie ("educative function) van deelnemende demokrasie die belangrikste funksie. Dit sou insluit beide die sielkundige aspek en die ondervinding in demokratiese vaardighede en prosedure. In die skool sou dit dus beteken dat daar soveel moontlike insette deur al die betrokke individue (en partye) - dit wil sê ouers, onderwysers en leerlinge gelewer moet word en dat almal deel moet hê in die besluitnemingsproses sodat hul kan verstaan hoe daar tot besluite gekom word asook watter oorwegings gegeld het by die neem van ´n besluit. Anders as by die verteenwoordigende model van demokrasie waar stabiliteit in die sisteem verkry word deur ´n minimum deelname deur die burgers, word in die deelnemende demokratiese model

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

juis stabiliteit verkry deur die opvoedingselement van die deelnemende proses. Die demokrasie is nie soseer ´n kwessie van dat almal betrokke moet wees nie (dit is onmoontlik in ´n komplekse hedendaagse staat) maar meer ´n kwessie van onthulling van besluitnemingsprosesse en oorwegings - die strukture is duidelik sigbaar en toeganklik vir almal. Die besluit waarvoor die persoon gestem het, mag miskien nie aanvaar word nie, maar omdat hy nou insig het in watter ander oorwegings gegeld het toe daar uiteindelik tot ´n besluit gekom is, is dit dan makliker vir die persoon om die besluit geredelik te aanvaar. Deur deel te neem aan besluitnemingsprosesse, leer die leerlinge wat die eienskappe is wat nodig is vir gesamentlike besluitneming. Hoe meer hul deelneem, hoe beter sal hul ingelig wees en so instaat gestel word om deel te neem.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die woede wat daar kan ontstaan as ´n besluit van bo-af, waaraan die individu geen seggenskap gehad het nie, op hom afgedwing word en moontlik tot geweld aanleiding gee, word nou baie verminder deurdat die individu of leerling ´n kans gegun is om nie net sy eie insette te lewer nie, maar in werklikheid aan die besluitnemingsproses deel kon neem. Indien hul dus deel van die besluitnemingsproses was, word hul dus moreel daaraan verbind aangesien die besluit wat geneem is, ´n demokratiese een is.

Ek het deur die mini-tesis geargumenteer dat demokrasie ´n kwessie van moraliteit is, en dat dit ´n moraliteit is wat

https://etd.uwc.ac.za

nie aan die individu gekoppel moet word nie, maar aan ŉ groep. Gegee Dunlop se besware, word broederskap nogtans bevorder, indien nie geskep nie, deur die individu se bydrae om tot rasionele besluite te kom deur middel van samesprekings en waar daar beveiligingsmaatreëls is met betrekking tot besprekings en samekomste en waar openbare aanspreeklikheid in die praktyke van die leerlinge ingebou is.

Van die morele waardes wat ons aan demokrasie toegeskryf het, is gelykheid en regverdigheid en vryheid. Hierdie idee van gelykheid en regverdigheid moet dus in ŉ demokratiese onderwysstelsel weerspieël word. Van beide die standpunt van die individu en die gemeenskap behoort daar dus voorsiening gemaak te word dat onderwys vir almal beskikbaar moet wees (5). Die fokus van studente en leerlinge se woede is juis gemik teen die apartheidsonderwysstelsel waar daar vyftien verskillende onderwysdepartemente is en waar daar ooglopende ongelykheid is (6).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Daar is geargumenteer dat deelnemende demokrasie berus op rasionaliteit, dit wil sê rede. Demokratiese onderwys behoort dus so gestruktureer te wees dat die leerlinge met morele dilemmas gekonfronteer moet word ten einde oefening te verkry in die maak van rasionele besluite. Dit sou dan een van die menslike resultate wees (volgens Pateman) wat deur die deelnemende demokratiese proses verkry kon word.

https://etd.uwc.ac.za

Of massa-onderwys wat slegs deur die staat vanweë ekonomiese oorwegings, aangebied kan word, effektief kan funksioneer met ´n burokrasie wat verantwoording verskuldig is en wat aanspreeklik gehou kan word deur die mense vir wie dit veronderstel is om te dien, is ´n kwessie wat nog ondersoek moet word (7).

Enige skool in ´n demokratiese samelewing moet realisties besin oor wat die skool kan doen om demokratiese burgers te ontwikkel. Daar behoort duidelik uitgespel te word wat onder regverdigheid verstaan word, dat daar verdraagsaamheid moet heers en dat daar gelyke oorweging van belange moet geld. Die kanale en prosedure om teenkanting aan te teken, moet ook duidelik wees. Leerlinge behoort geleer te word hoe om tot beredeneerde antwoorde te kom. Dit is hier waar Pateman se "educative function" ´n rol het om te vervul. Peters sê as volg:

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

> At first they will learn to act from others who know how to act, without understanding the reasons. Gradually they will come to grasp the principles underlying their actions, which make reasons relevant, and will be able to act with understanding and adapt their practice to novel situations. (8)

Hierdie is enkele kenmerke wat demokratiese onderwys behoort te kenmerk. Vervolgens wil ek kyk na hoe situasies op skool wat tot geweld kan lei, kan ontstaan.

https://etd.uwc.ac.za

HOE ONTSTAAN SITUASIES OP SKOOL WAT TOT GEWELD KAN LEI?

Juis vanweë die feit dat leerlinge verskillende konsepte het van wat die begrip demokrasie behels, word die moontlikheid van fisiese konflik verhoog. Indien een soort prosedure as synde demokraties geld in die skool en ′n ander prosedure geld as die huidige Suid-Afrikaanse regering praat van demokrasie en ′n nog ander model word voorgehou as die ekstra-parlementêre liggame praat van demokrasie en geweld, is die potensiaal vir misverstand, en dus konflik, daar. Leerlinge glo dat hul optrede demokraties is deurdat hul ′n beginsel van meerderheidstemming aanvaar. Dikwels vind die stemming in klasverband plaas en is die klagte altyd daar dat die St. 6 - leerlinge of die eerste- en tweedejaar-studente die matriekleerlinge en die senior studente uitstem. Dog, indien daar gekyk word na die vlak waarop redenering in die laer standerds plaasvind en waar besluitneming nie ingeligte ("informed") besluitneming is nie, maar ′n blote stemmery, skyn dit asof dit in stryd is met die rasionaliteit wat kenmerkend van die demokrasie behoort te wees. Demokrasie is baie beslis nie net ′n kwessie van meerderheidstemming nie. Deurdat dit dikwels ook ′n vorm van verteenwoordigende demokrasie is wat geld, waar die individu nie deur direkte deelname aan besluitnemingsprosesse deelneem nie, kan daar konflik tussen leerlinge ontstaan en dus ook fisiese geweld omdat hul nie aanvaar en verstaan hoe daar tot ′n besluit gekom is nie.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Dit is byvoorbeeld moontlik dat leerlinge by ´n spesifieke skool die voordeel het van onderwysers wat op hoogte van sekere aangeleenthede is en die leerlinge inlig oor die voor- en nadele van ´n saak voordat die leerlinge ´n besluit neem. Die ander skole wat ook ´n soortgelyke beslissing moet maak, het byvoorbeeld nie die voordeel van addisionele inligting nie en almal kom tot ´n beslissing wat verskil met die skool waar ´n ingeligte besluit gemaak is. Omdat hierdie skole se verteenwoordigers nou in die meerderheid is, en hul slegs gaan op die mandaat wat geneem is sonder die addisionele inligting, en dit slegs gaan oor meerderheidstemming, word hul beslissing deurgevoer. Dit is hier waar daar dikwels konflik tussen leerlinge kan ontstaan.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die grootste gedeelte van geweld deur leerlinge vloei egter uit die persepsie van ´n onregverdige en ongelyke stelsel van onderwys en regering en die frustrasie van onmag om dinge op ´n vreedsame manier te verander. Dit is dus slegs moontlik om die voorkoms van politieke geweld op skool te verminder of te voorkom, indien die huidige ongelykhede en regverdighede in die politieke en ekonomiese bestel ernstig aangespreek word.

https://etd.uwc.ac.za

# HOOFSTUK 9

## SAMEVATTING

Ek het eerstens probeer aantoon dat die kwessie van geweld of nie, ´n morele kwessie is. As sulks bestaan daar by mense ´n politieke moraliteit wat die blindelingse gehoorsaamheid aan die staat as essensieel nie-menslik of onregverdig beskou. Dit laat die vraag ontstaan of die staat onreflektiewe gehoorsaamheid van sy burgers kan eis en of daar ruimte vir wettige teenkanting is. Daar is geargumenteer dat dit prakties onmoontlik is om enige regeringsvorm wat onreflektiewe gehoorsaamheid van sy burgers eis, te kan verwag. So ´n eis tot onreflektiewe gehoorsaamheid mag moontlik bestaan in ´n ideale demokratiese staat waar alle beleidsake deur alle burgers oorweeg word en waar hul oor alles stem. Dit is, soos gesê, egter onmoontlik in die moderne staat. Deur die beleid van die staat te ondersteun, is geargumenteer, word die stelsel ondersteun wat ek glo die beste vorm van regering is. Hiervolgens sou dit nodig wees dat die persoon soms dinge teen sy gewete moet doen as hy die staat wil gehoorsaam. Dit beteken egter nie dat hy onreflektief gehoorsaam is nie. Ook het die staat nie die reg op onreflektiewe gehoorsaamheid nie.

Voorts het ek probeer vasstel of die persoonlike moraliteit van die individu hoër as dié van die samelewing

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

geag moet word deur die begrip vryheid van nader te beskou. Daar is geargumenteer dat voorstanders van beide positiewe en negatiewe vryheid erken dat dwang noodsaaklik is. ´n Vraag wat meer aandag behoort te geniet, is hoeveel dwang nodig is. Ek het ook probeer uitwys dat daar ´n besondere verbintenis tussen positiewe vryheid en politieke vryheid is.

Daar is ook geargumenteer dat die demokrasie die mees aanvaarbare vorm van regering is deurdat dit onder meer die enigste is wat voorsiening maak dat die gemeenskap die reg het om van sy regeerders op ´n vreedsame manier ontslae te raak.

Vervolgens is geargumenteer dat daar ´n konseptuele verband tussen moraliteit en demokrasie is deur daarop te wys dat alle mense geregtig is op ´n sekere waardigheid en op ´n sekere respek deur andere juis omdat mense morele wesens is. Hierdie eise om gelykheid by die mense word verskillend deur teoretici oor demokrasie hanteer. Daar is voorts argumente aangevoer om daarop te wys dat politieke besluite morele besluite is wat binne die bestek van alle rasionele mense val - dit is nie die alleenreg van ´n bevoorregte groep deskundiges nie. Daar is gekyk na demokrasie in terme van prosedures. Die verskillende prosedures soos deur die onderskeie teoretici oor demokrasie voorgehou, se bepaalde verbintenis met geweld is verder uitgewys. Vir die kontemporêre teoretikus hou maksimum deelname deur al die burgers aan besluitneming ´n

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

gevaar in vir die stabiliteit van die demokratiese bestel en hul laat min ruimte vir teenstand, terwyl die klassieke teoretici baie ruimte laat vir wettige teenkanting.

Ek argumenteer voorts dat die neem van rasionele besluite deur onder meer besprekings te hou, sentraal staan aan die demokrasie. Die vraag wat nou ontstaan is of daar ruimte vir teenkanting van ´n rasionele besluit in ´n demokrasie bestaan. Die vorm wat wettige teenkanting kan aanneem, sowel as die tekortkominge daarvan, is kortliks uitgewys. Dit skyn asof daar voldoende kanale is om die probleme van apartheid te opper, maar nie genoeg is om dit op te los nie. Die apartheidswette word as immoreel beskou en daarby laat apartheidswetgewing min ruimte om protes aan te teken. Die gevolgtrekking is dus dat dit moreel verdedigbaar is om apartheidswetgewing teen te staan of te verbreek.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die metodes van politieke teenkanting wat die minder bevoorregtes dikwels aanwend om die politieke proses in ´n ander rigting te stuur sodat dit ´n klimaat kan skep wat meer ontvanklik vir hul eise is, is dikwels gewelddadig.

> These groups see violence, not as the repudiation of the political process, but rather as an indication that their involvement in the bargaining process is being intensified and carried on by other means. Consequently, the introduction of violence into the political process is regarded by some as an indication that the values at stake have come to be

https://etd.uwc.ac.za

> perceived as so fundamental that the existing political process no longer suffices. The central issue of their struggle is indeed viewed by a disadvantaged group as involving no less than the last chance for their political survival (1).

Vervolgens dui ek daarop dat geweld indruis teen demokratiese praktyke maar terselfdertyd dui ek ook aan dat geweld nie die enigste faktor is wat teen die demokrasie indruis nie.

In Hoofstuk 6 het ek probeer aantoon dat die gebruik van die term "geweld" in ´n sin wyer is as die fisiese krag om te beseer, skade aan te doen of iemand in toom te hou, en dat dit primêr daarop gemik is om taalkundige voordeel te trek uit die gebruik van die terme en dan deels geregverdiging te probeer vind vir optrede (ook soms fisiese gewelddadige optrede) teenoor instansies wat dan "strukturele" of "simboliese" geweld toepas. Die verskillende terme in verband met pasifisme is van nader beskou en daar is tot die gevolgtrekking gekom dat sulke terme almal ´n vorm van dwang inhou alhoewel daar geen konseptuele verband tussen burgerlike verset en geweld is nie.

Dit skyn asof beide die polisie en die studente aanspraak op morele regverdiging vir hul optredes maak. Dit skyn asof "vrede" die morele prioriteit van die polisie in Suid - Afrika is. Vir die studente is die morele prioriteit

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

demokrasie. In albei gevalle is gewelddadige optredes skynbaar geregverdig. Die begrip vrede kan egter nie net as die totale afwesigheid van fisiese geweld gesien word nie.

In Hoofstuk 8 is gekyk na wat met ʼn demokratiese skoolstelsel bedoel word en in besonder hoe deelnemende demokrasie die onderwysstelsel kan bevoordeel. Die praktiese implementering van deelnemende demokrasie in die skole is egter ʼn studieveld wat verder braak gelê moet word.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

# ENDNOTAS

## HOOFSTUK 1

(1) Ted Honderich Three essays on political violence, Oxford: Basil Blackwell, 1976.

(2) Sien Chantal Mouffe (ed) Gramsci and Marxist Theory, London: Routledge and Kegan Paul, 1979, pp 185 - 186 waar sy aantoon dat Gramsci wel ruimte skep vir die invloed van ideologie.

(3) J.Degenaar "The need for a liberating narrative on violence", soos gepubliseer in die dagblad Cape Times, January 20, 1989, p.4.

(4) Wat ek verstaan onder die begrip demokrasie sal later van nader beskou word.

(5) J.Degenaar, op cit p 4.

(6) Soos vroeër gemeld, moet regverdig of onregverdig gesien word in terme van ´n moraliteit wat die demokrasie ten grondslag lê.

(7) Ted Honderich op cit p 48.

(8) "Goeie rede" moet hier gesien word as bevattende ´n morele dimensie en dat dit nie noodwendig moet ooreenstem met ´n rasionele besluit nie, bv. lede van een bevolkingsgroep is relatief arm en mag goeie rede hê om van ´n ander bevolkingsgroep te steel. Die rede om te steel is ´n rasionele (goeie) een, maar dit is nie moreel aanvaarbaar (goed) nie. Die vraag mag egter ontstaan vir wie die rede moreel aanvaarbaar moet wees: vir die Staat of vir die individu. Ek glo dat dit aanvaarbaar vir beide in ´n volkome demokrasie sal wees.

(9) Sien C.B.MacPherson The real world of democracy, New York: Oxford University Press, 1972 pp 12 - 22 waar die vanguard as ´n model van demokrasie voorgehou word. Daar sal later argumente aangevoer word waarom ´n regering deur ´n vanguard nie as demokraties beskou kan word nie en waarom burgers in so ´n staat nie sondermeer die diktate van die staat kan aanvaar nie.

(10) Sien Charles Taylor Social Theory as Practice, Cambridge: Cambridge University Press, 1985, p 99 se siening oor teorie en praktyk waarin hy daarop wys dat die teorie nie slegs die praktyk moet reflekteer nie, maar dit kan ons praktyk help skep of verander deur ´n interpretasie van die konstituerende norme daar te stel.

(11) Hierdie punt lei ondermeer na ´n siening van verskillende modelle van demokrasie wat later van nader beskou sal word - bv. is dit belangriker dat daar na die belange van die individu (miskien ten koste van die

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

belange van die groep) of na die belange van die groep (miskien ten koste van die individu) omgesien moet word?

(12) Die begrippe Positiewe en Negatiewe Vryheid soos deur Berlin ontwikkel sal later in öenskou geneem word as daar na kenmerke van ´n demokrasie gekyk sal word.

(13) Sien Charles Taylor Social Theory as Practice op cit p 96 . "By ´shared good´, I mean something different and stronger than mere convergent good, where people may have a common interest in something. A good is shared when part of what makes it good is precisely that it is shared, that is, sought after and cherished in common. Thus the inhabitants of a river valley have a common interest in the same flood prevention, and this is so irrespective of whether they have some common understanding of it, or indeed, whether they form a community at all. By contrast, shared goods are essentially of a community; their common appreciation is constitutive of them."

(14) T.Honderich op cit p 49

HOOFSTUK 2

(1) Isaiah Berlin Four essays on liberty, London: Oxford University Press, 1969, pp 121 - 172.

(2) Isaiah Berlin op cit p 126 (Let op die moontlike ooreenkomste met kapitalisme).

(3) Berlin op cit p 122

(4) Soos aangehaal deur Berlin op cit p 128

(5) J.Lively: Democracy, Oxford: Basil Blackwell, 1975, p 146.

(6) C.B.MacPherson The real world of democracy, New York: Oxford University Press, 1972, pp 12 - 22.

(7) C.B.Macpherson Democratic Theory "Berlin´s Division of Liberty", London, Oxford University Press, 1984.

(8) Vir die doel van hierdie mini-tesis sal ek nie die verband tussen hierdie drie vorme deeglik kan ontleed nie.

(9) Sien Chantal Mouffe (red) Gramsci and Marxist Theory, London: Routledge and Kegan Paul, 1979, in die hoofstuk getiteld "Hegemony and ideology in Gramsci" p 180. Die "War of position" is die proses van ideologiese stryd waardeur die twee fundamentele klasse probeer om die nie-klas ideologiese elemente oor te haal ten einde dit binne die ideologiese stelsel wat hulself rondom hul onderskeie hegemoniese beginsels artikuleer, te integreer.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

HOOFSTUK 3

(1) R.P.Wolff "On violence" in The Journal of Philosophy, vol.66, no.19, 2 Cctober 1969.

(2) Alan Ryan "Mill and Rousseau: Utility and rights" in Graeme Duncan (ed) Democratic Theory and practice, Cambridge: Cambridge University Press, 1983, p 41.

(3) J.J.Rousseau soos aangehaal in A.Ryan op cit pp 41 -42.

(4) J.J.Rousseau soos aangehaal deur Ryan op cit p42.

(5) Alan Ryan op cit p 47.

HOOFSTUK 4

(1) Keith Graham The Battle of Democracy New Jersey: Barnes & Noble Books, 1986, p 69.

(2) James R. Penncck Democratic Political Theory Princeton: Princeton Univerity Press, 1979, p 147.

(3) John Rawls A Theory of Justice, London: Oxford University Press, 1972, p 505.

(4) Steven Lukes, Individualism, Oxford: Blackwell, 1973, p 133 soos aangehaal deur Keith Graham, op cit p 70.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

(5) Keith Graham The Battle cf Democracy op cit p 126.

(6) Sien R. Dworkin Taking Rights Seriously, London: Duckworth, 1978, p 180.

(7) Sien Lukes, op cit p 135.

(8) Dworkin op cit p 273.

(9) Voorbeelde van hoe Marxiste geweld sien, kan onder andere gevind word in die werke van Frederick Engels: The conditions of the working Class in England, vertaal en geredigeer deur W.O.Henderson en W.H.Chaloner (Oxford, 1985), p 108.

(10) Sien byvoorbeeld Robert L. Holmes Violence and Nonviolence, Jerome A. Sheffer (ed.) , New York, 1971.

(11) Keith Graham op cit p 71.

(12) R.S. Peters Ethics and Education, London: George Allen & Unwin, Ltd, 1966, p 297.

(13) ibid

https://etd.uwc.ac.za

(14) Charles Taylor Social Theory as Practice, London: Oxford University Press, 1984

(15) Daar is persone, byvoorbeeld Francis Dunlop "On the democratic organisation of schools" soos gepubliseer in Cambridge Journal of Education, Vol 9, 1979, p 45 wat voorhou dat hierdie waardes wat nodig is voordat besprekings kan plaasvind, by die meeste mense afwesig is. Tesame met sekere denkvaardighede wat nodig is voordat ´n deelnemer rasionele besluite kan neem, skyn dit dus asof ´n noodsaaklike voorvereiste vir demokratiese samesprekings om plaas te kan vind, dus ontbreek. Hierdie is egter ´n wanopvatting: Dunlop beweer dat die eienskappe wat nodig is vir persone om aan ´n deelnemende demokrasie deel te hê, van buite verkry moet word. Maar, deelneming beinvloed en verskerp ook hierdie eienskappe of waardes, dit wil sê, hierdie waardes word nie onaangeraak gelaat deur deelneming nie.

(16) R.S.Peters Ethics in Education op cit p 301

(17) I.S.Benn en R.S.Peters Social Principles and the Democratic State, London: Allen & Unwin, 1959, p.346

(18) R.S.Peters Ethics in Education, op cit p 301

(19) Sien Carole Pateman Participation and Democratic Theory, Cambridge: Cambridge University Press op cit p 8.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

HOOFSTUK 5

(1) E. Burke, "Speech to the Electors of Bristol", 1774 in Works (Bohn ed), Vol. 1, p 446-7 soos aangehaal deur Peters, op cit, p 305.

(2) W.H.Walsh Hegelian Ethics, Londen: 1966, p 17

(3) Abe Fortas in "Concerning Dissent and Civil Disobedience", 1968, soos aangehaal deur H.A.Bosmajian Dissent - Symbolic behaviour and rhetorical strategies, Connecticut: Greenwood Press, 1980, p 16.

(4) Abe Fortas op cit p 17.

(5) Fortas, soos aangehaal deur Bosmajian, op cit p 17.

(6) Dit is spanning tussen positiewe en negatiewe vryheid.

(7) Howard Zinn "Disobedience and Democracy", 1968, soos aangehaal in H.A. Bosmajian op cit p 31

(8) Fortas op cit p 16.

(9) Howard Zinn op cit p 35.

https://etd.uwc.ac.za

(10) ibid p 35

(11) Judith Stiehm Nonviolent Power, Lexington: D.C.Heath and Company, 1972, p 103.

HOOFSTUK 6

(1) Jenny Teichman Pacifism and the just war, Oxford: Basil Blackwell, 1968, p 25.

(2) Jenny Teichman op cit p 26.

(3) ibid

(4) Vir ´n verhelderende oorsig van hierdie voorbeeld, sien John B. Thompson in sy Hoofstuk "Symbolic Violence" in Studies in the theory of ideology, Oxford: Polity Press, 1984.

(5) Jenny Teichman op cit p 28.

(6) Gene Sharp "Types of principled nonviolence", in Nonviolent direct action, wat deur A.Paul Hare en H.H.Blumberg, Washington: Corpus books, 1968, p 273, geredigeer is.

(7) Gene Sharp op cit p 298

(8) Judith Stiehm Nonviolent Power, Lexington: D.C.Heath and Company, 1972, p 23.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

(9) J. Stiehm, op cit p 23.

(10) Stiehm, p.24.

(11) Vir hierdie siening sien Stiehm, pp 20 en 21.

(12) C.B.Macpherson The Real world of democracy, New York: Oxford University Press, 1972.

(13) Stiehm, p 101.

HOOFSTUK 7

(1) Leerlinge hier verwys veral na hoërskoolleerlinge en studente verwys na studente aan tersiêre inrigtings.

(2) Daar sal later geargumenteer word of die studente byeenkomste en praktyke wel demokraties is of nie.

(3) Sien die vorige hoofstuk oor die gebruik van terme deur die polemici.

(4) Tom Lodge Black Politics in South Africa since 1945,

https://etd.uwc.ac.za

London: Ravan Press, 1983, ondersoek die dokumente van vier of vyf skrywers.

(5) Colin Bundy in sy artikel "South Africa on the switchback" soos gepubliseer in New Society van 3 Januarie 1986.

(6) Bundy op cit - sy eie kursivering.

(7) Sien Horace Campbell se artikel "Challenging the apartheid regime from below" in die boek van Peter Anyang´ Nyong´o getiteld Popular Struggles for Democracy in Africa, London: The United Nations University, Zed Books, 1987, p 149.

(8) Daar moet op gelet word dat die reproduktiewe teoriee, veral soos deur Althusser voorgestel, poog om ´n verduideliking te bied - dit is egter nie "die waarheid" nie.

(9) Vir ´n verhelderende eksposisie van die verskillende teoriee sien S.Arnowitz en H.A.Giroux Education under Siege : The Conservative, Liberal & Radical Debate over schooling, Massuchusetts: Bergin & Garvey, 1985.

(10) Sien Jonathan Hyslop se artikel getiteld "School student movements and State education policy: 1972 - 1987", ongepubliseerd, April 1987.

(11) Hermann Giliomee in ´n artikel van die Cape Times van 2 November 1985.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

(12) Sien Colin Bundy se konsep van "immediatism" in sy artikel getiteld "Schools and revolution" soos gepubliseer in New Society van 10 Januarie 1986.

(13) Bundy in "Schools and revolution" op cit.

(14) Vir ´n verhelderende historiese oorsig van van die ontstaan van die polisiemag en meer spesifiek die polisiestaat, sien Brian Chapman Police State London: Pall Mall Press, 1971, p 13.

(15) Chapman op cit p 81.

(16) Chapman op cit p 82.

(17) Bronne soos aangehaal in INFO ´87 van die South African Institue of Race Relations: Human Awareness Program: PACSA Factsheet Mei 1986; Black Sash Pamflet ongedateer; Star 27.11.86; City Press 14.12.86; New Nation 12.3.87; Business Day 3.6.87.

(18) Chapman op cit p 84.

(19) Chapman op cit p 85.

https://etd.uwc.ac.za

(20) Sien Simon Baynham se artikel "Protest, The Police and Public order" soos aangehaal in Reality, Mei 1985, Vol. 17. No 3, p 5.

(21) Baynham op cit p 5

HOOFSTUK 8

(1) Carol Pateman Participation and Democratic Theory, Cambridge: University Press, 1970, pp 42 -43.

(2) D.Bridges "Participation and Political Education", in Cambridge Journal of Education, Vol.8, Nrs 2 en 3, p 125.

(3) Francis Dunlop "On the democratic organisation of schools" soos gepubliseer in Cambridge Journal of Education, Vol.9, 1979, p 44.

(4) Pateman op cit p 43

(5) Sien R.S.Peters Ethics and Education op cit p 307.

(6) Byvoorbeeld in 1985/86 was daar R2746 spandeer op elke "Blanke" kind se opvoeding en slegs R387 op elke Swart kind se opvoeding; In 1985 was daar ´n tekort van 193 575 plekke in Swart skole onder beheer van die Departement van Onderwys en Opleiding. In 1986 was daar 153 637 lee plekke in "Blanke" skole. - S.A. Institute of Race Relations Summary C.14, 1987.

(7) Dit val egter nie binne die bestek van hierdie mini-tesis nie - sake soos aan wie ´n skoolhoof wat van buite aangestel word en wat dan eintlik deur die staat verantwoordelik gehou word vir finale besluite, in die eerste instansie trou verskuldig is - die staat of die ouer- onderwyser- student-gemeenskap - behoort ondersoek te word. Ook: Kan die hoof byvoorbeeld die leerlinge raadpleeg oor byvoorbeeld die kurrikulum, die bekwaamheid van die personeel en dies meer?

(8) R.S.Peters, Ethics and Education op cit p 314.

HOOFSTUK 9

(1) John B.Wolf Fear of Fear New York: Plenum Press, 1981, p.43.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

BRONNELYS


S.Arncwitz en H.A.Gircux Education under Siege: The conservative, Liberal and Radical debate over schooling, Massuchusetts: Bergin & Garvey, 1985.

Simon Baynham "Protest, The Police and Public order" soos gepubliseer in Reality, Vol. 17, No 3, Mei 1985.

I.S.Benn en R.S.Peters Social Principles and the Democratic State, Londen: Allen & Unwin, 1959.

Isaiah Berlin Four essays on liberty, Londen: Cxford University Press, 1969.

D.Bridges "Participation and political education", in Cambridge Journal of Education, Vol 8, Nrs 2 en 3.

H.A.Bosmajian Dissent - Symbolic behaviour and rhetorical strategies, Connecticut: Greenwood Press, 1980.

Colin Bundy "Schools and Revolution" soos gepubliseer in New Society van 10 Januarie 1986.

Colin Bundy "South Africa on the switchback" soos gepubliseer in New Society van 3 Januarie 1986.

E.Burke "Speech to the electors of Bristol", 1774 in Works (Bohn ed), Vol.1, soos aangehaal deur Peters Ethics and Education, Londen: George Allen & Unwin, 1966.

Horace Campbell "Challenging the apartheid regime from below" in die boek van Peter Anyang´ Nyong´o Popular struggles for Democracy in Africa, Londen, Zed Books, 1987.

Brian Chapman Police State, Londen: Pall Mall Press, 1971.

J.Degenaar "The need for a liberating narrative on violence", soos gepubliseer in die Cape Times, 20 Januarie, 1989.

Graeme Duncan Democratic Theory and Practice, Cambridge: Cambridge University Press, 1983.

Francis Dunlop "On the democratic organisation of schools" in Cambridge Journal of Education, Vol 9, 1979.

R.Dworkin: Taking Rights seriously, Londen: Duckworth, 1978.

Frederick Engels The conditions of the working class in England, vertaal en geredigeer deur W.O.Henderson en W.H.Chaloner, Oxford: Blackwell, 1958.


UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Abe Fortas in "Concerning dissent and civil disobedience", 1968, soos aangehaal deur H.A.Bosmajian Dissent - Symbolic behaviour and rhetorical strategies, Connecticut: Greenwood Press, 1980.

Hermann Gilliomee in ´n artikel in Cape Times van 2 November 1986.

Keith Graham The battle of democracy, New Jersey: Barnes & Noble Books, 1986.

John Harris Violence and responsibility, Londen: Routledge & Kegan Paul, 1980.

Robert L. Holmes Violence and Nonviolence, Jerome A.Sheffer (red.), New York, 1971.

Ted Honderich Three essays on political violence, Oxford: Blackwell, 1976.

Jonathan Hyslop "School student movements and state education policy: 1972 - 1987", ongepubliseerd, 1987.

Kenneth Kaunda Kaunda on violence, Londen: Sphere Books, 1982.

J.Lively Democracy, Oxford: Basil Blackwell, 1975.

Tom Lodge Black Politics in South Africa since 1945, Londen: Ravan Press, 1983.

Steven Lukes Individualism, Oxford: Blackwell, 1985.

C.B.Macpherson Democratic Theory, Londen: Oxford University Press, 1984.

C.B.Macpherson The real world of democracy, New York: Oxford University Press, 1972.

Chantal Mouffe (red) Gramsci and Marxist Theory, Londen: Routledge & Kegan Paul, 1979.

Peter Anyang´ Nyong´o Popular struggles for Democracy in Africa, Londen: The United nations University, Zed Books, 1987.

Carole Pateman Participation and Democratic Theory, Cambridge: Cambridge University Press, 1970.

James R. Pennock Democratic Political Theory, Princeton: Princeton University Press, 1979.

R.S.Peters Ethics and Education, Londen: George Allen & Unwin, 1966.

John Rawls A Theory of Justice, Londen: Oxford University

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za

Press, 1972.

Alan Ryan "Mill and Rousseau: Utility and rights" in Graeme Duncan (red) Democratic Theory and Practice, Cambridge: Cambridge University Press, 1983.

Joseph Schumpeter "Two concepts of Democracy" in Anthony Quinton (red) Political Philosophy, Oxford: Oxford University Press, 1967.

Gene Sharp "Types of principled Nonviolence" in Nonviolent Direct Action, A. Paul Hare en H.H.Blumberg (reds), Washington: Corpus Books, 1968.

South African Institute of Race Relations Human Awareness Program, Johannesburg, 1987.

Judith Stiehm Nonviolent Power, Lexington: D.C.Heath & Co, 1972.

Charles Taylor Social Theory as Practice, Londen: Oxford University Press, 1984.

Jenny Teichman Pacifism and the just war, Oxford: Basil Blackwell, 1968.

John B. Thompson Studies in the theory of ideology, Oxford: Polity Press, 1984.

John. B.Wolf Fear of Fear New York: Plenum Press, 1981.

R.P.Wolff "On Violence" in The Journal of Philosophy, vol. 66, no 19, 2 Oktober, 1969.

W.H.Walsh Hegelian Ethics, Londen: Macmillan, 1966.

Howard Zinn "Disobedience and Democracy" soos gepubliseer in H.A.Bosmajian Dissent - Symbolic behaviour and rhetorical strategies, Connecticut: Greenwood Press, 1980.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE